# DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

**Handelinge**
**van die ad hoc Sinode gehou op 27 April 2001**
**in Johannesburg**

**en**

**Handelinge**
**van die Sinode gehou van 29 April tot 3 Mei 2002**
**in Johannesburg**

Uitgawe in opdrag van die
Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ©2002

# Inhoud

**HANDELINGE VAN DIE AD HOC SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE JOHANNESBURG OP 27 APRIL 2001 .... 6**

ARTIKEL 1 OPENING .... 6
ARTIKEL 2 AFVAARDIGING .... 7
ARTIKEL 3 KONSTITUERING .... 8
ARTIKEL 4 VERSOEK GEREFORMEERDE CHRISTELIKE GEMEENTE SPRINGS .... 9
ARTIKEL 5 ONDERSOEK DS. P.J. RETIEF .... 11
ARTIKEL 6 KONTAK MET DIE GEMEENTE EN AANWYSING NABURIGE KERK .... 12
ARTIKEL 7 VASSTELLING VAN DIE HANDELINGE EN KORT VERSLAG .... 12
ARTIKEL 8 AFSLUITING .... 13

**HANDELINGE VAN DIE SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE JOHANNESBURG VAN 29 APRIL TOT 3 MEI 2002 .... 14**

BIDSTOND .... 14
ARTIKEL 1 OPENING .... 14
ARTIKEL 2 AFVAARDIGING .... 16
ARTIKEL 3 MODERAMEN .... 17
ARTIKEL 4 KONSTITUERING .... 17
ARTIKEL 5 INSTEMMING MET BELYDENIS .... 17
ARTIKEL 6 VERGADERTYE .... 18
ARTIKEL 7 AFGEVAARDIGDES VAN BUITELANDSE KERKE .... 18
ARTIKEL 8 BOODSKAP VAN DIE FREE CHURCH IN SOUTHERN AFRICA EN VAN DIE CANADIAN AND AMERICAN REFORMED CHURCHES .... 18
ARTIKEL 9 AGENDA .... 18
ARTIKEL 10 WERKWYSE VAN DIE SINODE .... 20
ARTIKEL 11 GROETBOODSKAPPE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND .... 20
ARTIKEL 12 GROETBOODSKAPPE FREE REFORMED CHURCHES OF AUSTRALIA .... 21
ARTIKEL 13 VOORSTEL I.S. KERKVERBANDELIKE KOSTE VAN JOHANNESBURG .... 24
ARTIKEL 14 VOORSTEL I.S. TEOLOGIESE SKOOL VAN JOHANNESBURG .... 24
ARTIKEL 15 VOORSTEL VIR DIE INSTELLING VAN KLASSISSE VAN PRETORIA .... 24
ARTIKEL 16 VOORSTEL I.S. ARTIKEL 10 VAN DIE HANDELINGE VAN DIE SINODE BETHAL 2000 VAN PRETORIA .... 25
ARTIKEL 17 VOORSTEL VIR DIE INSTELLING VAN KLASSISSE VAN JOHANNESBURG .... 25
ARTIKEL 18 VOORSTEL I.S. TEOLOGIESE OPLEIDING VAN BROEDERS VANUIT SENDINGSGEMEENTES VAN KAAPSTAD .... 27
ARTIKEL 19 BESWAARSKRIF TEEN ARTIKEL 28 VAN DIE HANDELINGE VAN DIE SINODE BETHAL 2000 VAN

PRETORIA ... 27
ARTIKEL 20 BESWAARSKRIF TEEN ARTIKEL 12 VAN DIE HANDELINGE VAN DIE SINODE BETHAL 2000 ... 27
ARTIKEL 21 DEPUTATE VIR BETREKKINGE MET BUITELANDSE KERKE (BBK) ... 28
*A. Kontakte met susterkerke ... 28*
*B. Kontakte met kerke in Afrika ... 29*
*C. Reformed Churches of New Zealand (RCNZ) ... 31*
*D. International Conference of Reformed Churches (ICRC) ... 32*
*E. Inligting na die kerke ... 32*
*F. Begroting ... 33*
ARTIKEL 22 DEPUTATE VIR KONTAKTE MET BINNELANDSE KERKE (KBK) ... 33
*A. Werkgroep Kaapstad ... 33*
*B. Werkgroep GKSA ... 34*
ARTIKEL 23 SENDINGSDEPUTATE ... 34
ARTIKEL 24 DEPUTATE WERK ONDER VERONTRUSTES (DWOV) ... 35
ARTIKEL 25 DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET DIE OWERHEID ... 36
ARTIKEL 26 DEPUTATE VIR BYBELVERTALING ... 36
ARTIKEL 27 DEPUTATE VIR LITURGIESE MUSIEK ... 36
ARTIKEL 28 DEPUTATE VERSORGING KERKORDE EN LITURGIESE FORMULIERE ... 37
ARTIKEL 29 DEPUTATE I.S. ARTIKEL 11 KO I.S. HULPBEHOEWENDE KERKE ... 38
ARTIKEL 30 DEPUTATE I.S. ARTIKEL 19 KO I.S. HULPBEHOEWENDE STUDENTE ... 38
ARTIKEL 31 DEPUTATE I.S. STUDIE INSKAKELING SENDINGSGEMEENTES ... 39
*A. Besluit betreffende kerkverband ... 39*
*B. Besluit betreffende opleiding ... 41*
ARTIKEL 32 DEPUTATE KURATORE VIR DIE TEOLOGIESE OPLEIDING ... 42
ARTIKEL 33 KERKVISITATORE ... 43
ARTIKEL 34 SINODALE KWESTOR ... 43
ARTIKEL 35 KONTROLE VAN DIE KWESTOR ... 44
ARTIKEL 36 ARGIEFBEWARENDE KERK ... 44
ARTIKEL 37 DEPUTATE VIR KONTROLE VAN DIE ARGIEF ... 45
ARTIKEL 38 KERK OM 'N DAG VAN VEROOTMOEDIGING UIT TE ROEP ... 45
ARTIKEL 39 DEPUTATE I.S. ARTIKEL 49 KO ... 45
ARTIKEL 40 AANSOEKE TOT EKSAMINERING EN BEROEPBAARSTELLING ... 45
*A. Eksaminering br. T. K. Mogale op Woensdag 1 Mei 2002 ... 46*
*B. Eksaminering br. J. van der Linden op Donderdag 2 Mei 2002 ... 46*
*C. Eksaminering br. M. P. Magagula op Vrydag 3 Mei 2002 ... 47*
ARTIKEL 41 BENOEMING VAN DEPUTATE EN MOONTLIKE KONSULENTE ... 47
ARTIKEL 42 OPDRAGTE VIR DEPUTATE ... 49
ARTIKEL 43 SEËNWENSE AAN DIE PRESIDENT ... 54
ARTIKEL 44 RONDVRAAG VOLGENS ARTIKEL 41, PARAGRAAF 2, KO ... 55

ARTIKEL 45 PERSOONLIKE RONDVRAAG ........ 55
ARTIKEL 46 AANWYSING VAN DIE SAMEROEPENDE KERK EN DIE VASSTELLING VAN DIE TYD EN PLEK VAN DIE VOLGENDE SINODE ........ 55
ARTIKEL 47 VASSTELLING VAN KWOTUM VIR ONKOSTE KERKVERBAND........ 55
ARTIKEL 48 VASSTELLING VAN DIE HANDELINGE EN DIE KORT VERSLAG ........ 55
ARTIKEL 49 SENSUUR VOLGENS ARTIKEL 48 KO ........ 56
ARTIKEL 50 SLUITING ........ 56
LYS VAN BYLAES ........ 57

# HANDELINGE VAN DIE AD HOC SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE JOHANNESBURG OP 27 APRIL 2001

## ARTIKEL 1 OPENING

Namens die roepende kerk te Johannesburg open br. H.J. Boessenkool die verrigtinge om 09:15. Hy lees Fillipense 2:1-18 laat sing Psalm 87:1-5, waarna hy voorgaan in gebed.

Hierna word die verrigtinge van die Sinode deur br. H.J. Boessenkool namens die roepende kerk soos volg geopen:

Geliefde Afgevaardigdes, Adviseurs, Broeders en Gaste,

Dit is vir die VGK van Johannesburg 'n aangename voorreg om u almal vanoggend welkom te heet in ons nuwerige kerkgebou. Namens die sameroepende kerk verwelkom ons spesiaal ds. P.J. Retief, ouderling Willie Henning en ouderling Francois Müller van die kerkraad van die Gereformeerde Christelike Kerk van Springs hier.

Ons verwelkom ook ds. Hendrik Hefer van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Brakpan Suid, en ook dr. Koos Adendorf.

Net 'n woord van dank aan ds. Pieter Nel wat 'n operasie aan sy voet uitgestel het sodat hy hierdie Sinode kan bywoon. Ook hierin wil ons alle eer gee aan die Here.

Die fokus en doel van hierdie Sinode is natuurlik die behandeling van die aansoek tot toelating van die Christelike Gereformeerde Kerk in Springs en haar leraar, ds. P.J. Retief tot ons kerkverband. Dit is vir ons 'n voorreg en aangenaam om by hierdie vreugdevolle proses betrokke te wees. In hierdie proses word ons tog gekonfronteer met 'n hele paar vraagstukke rondom so 'n saak en is dit ons plig om oor sulke sake te besin, en met wysheid wat ons van die Here afsmeek, oor hierdie sake standpunte inneem en besluite maak.

Om 'n paar van die moontlike vraagstukke prakties te illustreer vra ek u om my toe te laat om 'n beeld te skets. Ons as gemeente hier in Johannesburg is al 'n hele paar maande besig met die tema van lewende stene uit 1 Petrus 2:5,6.

Nou in die beeld wil ek hê u moet u verbeel dat ons Kerkverband 'n groot Stuk plaveisel is om 'n statige huis. Die plaveisel wat opgemaak is van baie stene is baie jare gelede baie netjies geïnstalleer. Die twee gemeentes van Pretoria is net voor die Motorhuis en hulle vloei sommer inmekaar. Johannesburg lê so skuins by die afdak. Bethal lê om die draai by die onthaal area en Kaapstad is so hele stuk verder by die swembad. Dit vorm egter 'n groot geheel as mens daarna kyk.

Nou wil die huiseienaar die plaveisel vergroot deur die parkeerarea te vergroot. Dit is maklik gedoen. Die kontrakteur word ingeroep en die plaveisel word aangebou. Die werk is nog nie klaar nie of daar kom vrae op van die bestaande plaveisel. Die grote van die nuwe stene is anders want die nuwe steen is metries! Die dikte van die steen is ook anders asook die afwerking bo-op! (en ons noem maar nie die kleurverskil nie!) Die installasie is ook anders want ander sand is gebruik.
Wel, gaan hierdie nuwe plaveisel aanvaar word of nie! Dit **is** dan anders!

Al die stene word oor opinies gevra oor die saak en daar word oor gepraat.

Hoe word na die saak gekyk?

- Gaan daar aangedring word dat die stene verander totdat dit eenvormig met die res is?
- Of gaan daar bly gepraat word oor die tekortkominge van die nuwe plaveisel en daar word nie gekyk na eie gebreke nie?
- Of word daar 'n heining om die nuwe area opgerig en hulle word geïsoleer?

Mens kan nog vele vrae vra maar mag mens in die trant verder gaan?

Kom ons beweeg weg van die beeld. Ons moet as Christene onsself verplaas na die nuwe plaveisel en beleef saam met die nuwe stene hoe hulle hierdie proses beleef! Ons reik ons hande uit as lewende stene en gaan saam deur die proses om 'n geheel te vorm. Ons kan self tog nie stene verander nie, maar ons laat God sy wonderwerk verrig en ons is saam getuie van hierdie werk. Ons hou ons egter nie blind vir die verskille nie, maar fokus op dinge wat ons in gemeen met mekaar het, naamlik Christus se verlossingswerk en God se koninkryk. Net so kan die blydskap volkome wees soos ons gelees het in vers 2.

So vra ons dat, ten spyte van al ons tekortkominge en gebreke, ons tog ook in hierdie saak diensbaar mag wees om aan die koninkryk van God te bou. Ook hierin mag ons erken en bely dat ons dit nie uit eie krag doen nie, maar dat ons wysheid van ons almagtige Vader sal kry en sodoende mekaar sal ondersteun en voetewassers sal wees en so, in liefde, besluite sal neem en sodanige besluite aanvaar.

Mag ons ook hierdeur getuienis uitdra dat ons koningskinders is van God se koninkryk.

## ARTIKEL 2 AFVAARDIGING

Die afgevaardigdes van Johannesburg rapporteer dat die geloofsbriewe van die vyf afvaardigings in orde bevind is.

Van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bethal is aanwesig: die drie primusafgevaardigdes:

> Ds. P. Nel
> ouderling N. du Preez
> diaken H.A.C. van den Bout.
>
> Die Sinode gaan daarmee akkoord dat diaken H.A.C. van den Bout stemreg ontvang.

Van die Vrye Gereformeerde Kerk te Johannesburg is aanwesig: die drie primusafgevaardigdes:

> Ouderling G.A. Anholts
> Ouderling H.J. Boessenkool
> Ouderling A. Kuyvenhoven.

Van die Vrye Gereformeerde Kerk te Kaapstad is aanwesig: die drie primusafgevaardigdes:

> Ds. E. Viljoen
> Ouderling J. Moes
> Ouderling A.J. van der Lugt.

Van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria is aanwesig: die drie primusafgevaardigdes:

Ds. C. Kleijn
Ouderling J.A. Smit
Ouderling B.J. Kamphuis.

Van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria-Maranata is aanwesig: die drie primusafgevaardigdes:

Ds. J.R. Visser
Ouderling P. Bouwman
Ouderling G. de Jager.

Die kerkraad van Johannesburg het die volgende predikante genooi D.M. Boersma, W. Boessenkool, J. Bosman, J.A. Breytenbach, A.J. de Visser, C.F. Nicholson en prop. R.M. Retief. Nie almal was by magte om die uitnodiging aan te neem nie. Dominees D.M. Boersma, J. Bosman, A.J. de Visser en prop. R.M. Retief is teenwoordig en word as adviseurs toegelaat.

Ds. W. Boessenkool het ‘n groete boodskap geskryf en verskoning gemaak omdat hy die Sinode nie kon bywoon nie.

## ARTIKEL 3 KONSTITUERING

Die voorsitter konstateer dat die kerke wettig byeen is. Die vergadering word gekonstitueer en ‘n moderamen verkies. Ds. C. Kleijn word tot voorsitter verkies, ds. E. Viljoen tot assessor en br. P. Bouwman tot skriba.

Die moderamen neem sitting en stel voor om die volgende sakelys te aanvaar:

1. Betuiging en instemming met die Belydenis deur afgevaardigdes.
2. Verwelkoming adviseurs.
3. Vasstelling van die werkwyse van die Sinode.
4. Versoek van die gemeente te Springs om opname in die kerkverband, waarby die verslag van Deputate Kontak Binnelandse kerke en die verslag van die kerkvisitasie in kamera bespreek sal word.
5. Indien die opname toegestaan word, ‘n ondersoek van ds. P.J. Retief volgens artikel 9 KO. Die ondersoek sal in openbare vergadering en die beraadslaging in kamera plaasvind.
6. Aanwysing van naburige kerk.
7. Vasstelling van die Handelinge en die Kort Verslag.
8. Sensuur volgens artikel 48 KO.
9. Bedankings.
10. Rondvraag.
11. Afsluiting.

Die afgevaardigdes en adviseurs stem in met die drie Formuliere van Eenheid deur te gaan staan.

Die adviseurs word ook spesiaal welkom geheet.

## ARTIKEL 4 VERSOEK GEREFORMEERDE CHRISTELIKE GEMEENTE SPRINGS

Die vergadering gaan in kamera om die verslag van die deputate sowel as die kerkvisitasie verslag te bespreek om vas te stel of die Sinode oor voldoende betroubare inligting beskik om die aansoek te oorweeg.

Die vergadering word weer geopen en die voorsitter noem die volgende:

Tydens die oorweging van die verslaggewing van die deputate, is eenparig deur die Sinode uitgespreek dat daar ’n meer gestruktureerde begeleiding nodig is van kerke wat hulle by die verband van kerke wil voeg. Daar bestaan duidelik ’n behoefte aan duideliker afsprake oor verdeling van verantwoordelikhede sonder om ’n prosedure wat waterdig op alle situasies kan pas, vas te stel. Met die inligting beskikbaar besluit die Sinode om voort te gaan met die ondersoek. Die volgende besluite word geneem:

*Besluit 1:*

Die Sinode aanvaar die verslag van die Deputate Werk onder Verontrustes.

Gronde:

1. Met die inligting wat die deputaatskap tot sy beskikking gehad het en dit wat gereël was, aanvaar die Sinode die verslag;
2. ‘n Nuwe opdrag sal vir die deputate gegee word vir die uitwerking van ‘n konkrete plan wat in die toekoms gebruik kan word.

*Besluit 2:*

Die Sinode gee opdrag aan die Deputate Verontrustes dat daar ‘n noukeurige prosedure uitgewerk moet word met die oog op toekomstige aansoeke van kerke wat opgeneem wil word in die kerkverband.

Gronde:

1. Dit is nodig dat daar ‘n konkrete en duidelike prosedure is waarvolgens gehandel moet word;
2. Die huidige prosedure is nie duidelike genoeg om verantwoordelikhede uit te spel en misverstande te voorkom nie.

*Besluit 3:*

Die Sinode besluit dat op grond van beskikbare inligting verkry van deputate en die visitasieverslag wat in kamera voorgelees was, voortgegaan kan word met die ondersoek. Daar word wel afgespreek om

die beskikbare inligting aan te vul met 'n geleentheid vir afgevaardigdes om regstreeks vrae te vra aan die afgevaardigdes van die kerk te Springs by die Sinode.

Gronde:

1. Na oorweging en bespreking van die verslae is die Sinode in ooreenstemming dat daar voortgegaan kan word met die ondersoek;
2. Die vasstelling van die prosedure is reeds aan deputate opgedra.

Die voorsitter gee aan die afvaardiging van Springs geleentheid om uit hulle eie monde te laat hoor wat hulle beweeg redes is waarom hulle by die VGKSA wil aansluit.

Die ouderlinge asook die ds. P.J. Retief noem kort hulle beweeg redes waarom hulle tot so 'n stap oorgegaan het. Hier is 'n kort opsomming van wat genoem is:

*Dit is al 'n geruime tyd wat die gemeente in isolasie staan. By die gemeente is daar 'n liefde vir die Gereformeerde Leer. Dit is 'n opdrag om die kerke te soek wat dit ook begeer. Om alleen te staan is nie goed nie. Mens moet mekaar kan reghelp en ondersteun so lank dit bly by die ware Woord van die Here.*

Die voorsitter stel ook 'n aantal vrae namens die vergadering aan die verteenwoordigers van Springs:

1. In die verslae kom dit uit dat die aanddienste gestaak was. Wat is die situasie nou.
   *Aanddienste is weer ingestel maar is nog net elke tweede Sondag. Die doel is om dit weer elke Sondag te doen. Die tweede diens het dan die vorm van 'n leer diens waar uit die kategismus gepreek word. Die bywoning van die aanddienste verbeter ook al sigbaar.*

2. In die Sinodeverslag van ons kerke van 1998 was daar genoem dat weens veral rasseverskille kontak gestaak is tussen die VGK Johannesburg en die gemeente in Springs.
   *Ds. P.J. Retief noem dat die kontak waarvan gepraat is reeds 'n aantal jare van te vore was. Dit het toe te doen gehad met 'n erfenis wat die gemeente gehad het. Die gemeente het afgestig van die APK juis oor hierdie saak.*

Die voorsitter gee ook geleentheid aan die vergadering om vrae te vra aan die afgevaardigdes waarvan gebruik gemaak word.

Die vergadering gaan weer in kamera.

Nadat die vergadering weer openbaar verklaar is, lees die voorsitter in aanwesigheid van die afgevaardigdes van Springs die volgende besluit voor:

*Besluit 4:*

Die Sinode het met groot dankbaarheid kennis geneem van die

ontwikkelinge in die gemeente Springs. Met blydskap is verder kennis geneem van die inhoud van die verslag van deputate vir kontak met binnelandse kerke en die rapport van die visitatore. Met vrymoedigheid het die Sinode eenparig besluit om die Vrye Gereformeerde Kerk te Springs as kerk van die Here Jesus Christus te erken en hom in die verband van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te neem, om tot eer van die Here saam te leef en te werk op grond van die Woord van God, die Drie Formuliere van Eenheid en die kerkorde. Mag die genade van die Here Jesus Christus met ons almal wees.

Gronde:

1. Die Sinode is daarvan oortuig dat die Vrye Gereformeerde Kerk te Springs gereformeerd wil wees;
2. Geen inligting wat op die Sinode gedien het verhoed ons om die besluit te kan neem nie;
3. Dit is ons verantwoordelikheid om kerke te erken wat Gereformeerd is.

In antwoord hierop bedank ds. P.J. Retief die Sinode vir die besluit. Hy beskou dit as ‘n antwoord van die Here en sien dit as ‘n voorreg om saam in die kerkverband te werk en te leef tot eer van God.

Die vergadering word verdaag vir teepouse.

## ARTIKEL 5 ONDERSOEK DS. P.J. RETIEF

Na heropening van die vergadering deel die voorsitter mee dat op versoek van die roepende kerk ds. A.J. de Visser die ondersoek sal lei ten aansien van die onderwerpe SKRIFGESAG en VERKIESING EN VERBOND. Daarna sal ds. E. Viljoen die gesprek oor die onderwerpe KERK en KERKREGERING lei. Die voorsitter wek die lede van die Sinode op om aan die gesprek deel te neem ten einde dit so algemeen moontlik te maak. Van dié geleentheid word ruim gebruik gemaak.

Die Sinode beraadslaag in kamera oor die inhoud van die gesprek.

Nadat die vergadering weer openbaar verklaar is, deel die voorsitter mee dat die Sinode met dank aan die Here eenparig en met vrymoedigheid verklaar dat ds. P.J. Retief as predikant binne die verband van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aanvaar word.

Vervolgens lees die voorsitter die ondertekeningsformulier vir Bedienaars van die Woord wat deur ds. P.J. Retief onderteken word.

Die Sinode bid ds. P.J. Retief, die gemeente van Springs en mekaar die seën van die Here toe deur Psalm 134:4 te sing.

Ds. P.J. Retief dank die Sinode vir die sorgvuldige metode van ondersoek en behandeling van hul versoek tot opname in die kerkverband. Dit het beslis ‘n vertrouensband geskep, waarvan die vrugte ook in die toekoms gesien mag

word.

Die voorsitter nooi die afgevaardigdes van die kerk te Springs om vir die laaste oomblikke van hierdie Sinode sitting te neem.

## ARTIKEL 6 KONTAK MET DIE GEMEENTE EN AANWYSING NABURIGE KERK

Die voorsitter noem dat die kerkverband ook moet funksioneer veral met die inskakeling van 'n nuwe kerk. Na bespreking word die volgende besluit geneem:

*Besluit 1:*

Pretoria-Maranata word aangewys as naburige kerk.

Gronde:

1. Johannesburg wat die naburige kerk is het op hierdie stadium nie 'n predikant nie;
2. Om die naburige kerk indeling soos gemaak op die vorige Sinode nie deurmekaar te maak nie word Pretoria-Maranata aangewys.

*Besluit 2:*

Pretoria-Maranata moet 'n konkrete plan uitwerk om die gemeente van Springs van inligting te verskaf en ook om mekaar te ondersteun en te help. Dit kan insluit:

- Interaksie tussen die gemeentes;
- Byeenkomste tussen ouderlinge en diakens;
- Verspreiding van literatuur;
- Aanbieding van kursusse;
- Uitruiling van preekbeurte tussen gemeentes;
- Beskikbaarmaking van boeke.

Gronde:

1. Dit is nodig dat ons mekaar leer ken;
2. Daar is bepaalde verskille wat bespreek moet word sodat ons mekaar kan ondersteun.

## ARTIKEL 7 VASSTELLING VAN DIE HANDELINGE EN KORT VERSLAG

Die voorsitter vra of dit in orde is dat die moderamen die Handelinge vasstel en dan aan die kerke versprei. Dit word so deur die vergadering aanvaar.

Die voorsitter noem ook dat ds. E. Viljoen die Kort Verslag van die Sinode sal opstel.

**ARTIKEL 8 AFSLUITING**

In sy bedankingswoord memoreer die voorsitter die voorbereidende werk van deputate en visitatore, sy mede-moderamenlede vir hul ondersteuning, die adviseurs vir hul bereidwilligheid tot diens aan die kerke en die gemeente te Johannesburg vir die voortreflike manier waarop hy as gasheer opgetree het.

Ds. E. Viljoen dank die voorsitter vir sy leiding en gaan voor in dankgebed.

Die voorsitter verklaar die Sinode gesluit.

DIE MODERAMEN: ds. C. Kleijn (praeses), ds. E. Viljoen (assessor) en br. P. Bouwman (skriba)

## Handelinge van die Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Johannesburg van 29 April tot 3 Mei 2002

### Bidstond

Op Maandag 29 April 2002, voorafgaande aan die Sinode, het die roepende kerk van Johannesburg 'n bidstond belê om die verrigtinge van die Sinode aan die HERE op te dra. Die voorsitter van die ad hoc Sinode van 2001, ds. C. Kleijn, het in hierdie diens voorgegaan. Hy het die Woord bedien uit Sagaria 4, waarna hy in die gebed die HERE gevra het vir Sy seën oor die Sinodesittinge wat sou plaasvind.

Die preek het veral aandag gegee aan die woorde van Sagaria 4:6, 10 "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare." en "Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe – die oë van die HERE wat die ganse aarde deurloop – met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbábel?"

### Artikel 1 Opening

Namens die roepende kerk open die voorsitter van die kerkraad, oudl. H.J. Boessenkool, die vergadering. Hy laat Psalm 119:29 en 39 sing. Daarna gaan hy voor in gebed. Hy spreek die volgende openingswoord uit:

Geagte broeders, afgevaardigdes, adviseurs, gaste, ander belangstellendes en kandidate. Namens die Kerkraad van die VGK van Johannesburg heet ons u almal van harte welkom by die Sinode 2002. Dit is vir ons 'n groot voorreg om die geriewe hier beskikbaar te stel. Ons vertrou dat julle ook almal welkom sal voel en van ons gasvryheid mag geniet en dat daar na alle behoeftes omgesien kan word sodat ons kan fokus op belangrike sake wat op hierdie Sinode behandel gaan word.

Ons wil in die besonder die volgende persone verwelkom:

| | |
|---|---|
| Ds. F.J. Bijzet: | Gereformeerde Kerken in Nederland |
| Br. F.J. Koning: | Gereformeerde Kerken in Nederland |
| Ds. J.H. Tempelman: | Gereformeerde Kerken in Nederland |
| Br. B. Veenendaal: | Free Reformed Churches in Australia |

Die waarnemers uit Mamelodi.

It is hart warming that we have the God given privilege to have brothers from different ends of the world here in our midst. Your presence makes it visible to us that God gathers his church worldwide. Dear Brothers, may we share this time of fellowship together. As Rev. C. Bouwman from the Free Reformed Church of Kelmscott, Western Australia stated so effectively at the Synod 2000: "May we meet more often, consult together more often, do more things together. When all is said and done, we need each other as brothers of one heritage, one faith".

Ek wil graag met u 'n bietjie statistiek deel oor sinodes in Johannesburg:
Hierdie is die derde agtereenvolgende Sinode wat in Johannesburg aangebied word, waar ons vakant staan (1994, 2001 ad hoc, 2002). Ons hoop van harte dat dit die laaste is! Ons wens dit nie ander gemeentes toe nie, en ons wil ook nie aan hierdie syfers verbeter nie!

Vir ons as gemeente was en is dit die afgelope jaar, 'n belangrike gebedssaak om weer 'n herder

te mag ontvang. Ons het ook ‘n sterk begeerte gehad om teen hierdie tyd al ‘n leraar te hê, maar dit is nie so vir ons beskik nie. Ons aanvaar dit ook so. Hierdie Sinode is egter vir ons as gemeente van besondere belang ten opsigte van die eksaminering van studente vir beroepbaarstelling in ons kerkverband. Dit is nie ‘n geheim dat ons van voorneme is om D.V. een van die kandidate te beroep as hy sy eksamen slaag en deur hierdie Sinode beroepbaar gestel word nie.

As ons na die ander sake kyk is dit belangrik om te sien waar ons as vrygemaakte kerkverband hier in Suid-Afrika staan. Ons verband is nou al by die halfeeu merk verby met ‘n geskiedenis waar ons, ten spyte van onsself, tog God se bewarende hand mag sien. Ons was lank net drie gemeentes maar tydens die laaste drie sinodes het ons elke keer met ‘n gemeente uitgebrei: 1998 – Bethal; 2000 – Maranata en nou, 2002, Springs. Dit is wonderbaar en ons is dankbaar hieroor.

As ons na ons sendingsgemeentes kyk is ons verheug dat daar na jarelange arbeid ook van die gemeentes op die punt staan om meer selfstandig te raak. Daarom word daar nou, in diepte na inskakeling en werkswyses gekyk om dit deurdag, en op ‘n goeie grondslag te begin. Die saak is gekompliseer en veel wysheid is nodig. Ons gaan dan ook tydens hierdie Sinode twee kandidate van die sendingsgemeentes van Shosanguve-Noord en Mamelodi eksamineer. Ons is dankbaar dat ons deur die genade van die Here hierdie stadium bereik het.

Ons teologiese opleiding is in ‘n fase waar dit uit sy kinderskoene moet kom. Veel mooi en harde werk is gedoen, maar ons gaan binnekort op ‘n tydstip kom waar daar ‘n meer formele opleidingstruktuur in plek gestel moet word. Hierdie is nodig om aan ons toekomstige kerkverbandelike behoeftes te voldoen. Opleiding van ons eie studente is en bly ‘n belangrike Godgegewe taak wat steeds besinning nodig het.

As ons na al hierdie, en ander omstandighede kyk, is dit vir ons duidelik dat ons kerkverbandelik ‘n keerpunt bereik het. Waar nou heen? Besluite wat nou gemaak moet word oor sending, kerkverbandelike samewerking, die instelling van klassisse, opleiding en talle ander sake, gaan langtermyn gevolge vir ons inhou. Ons moet heelwat kern besluite op hierdie Sinode neem wat gevolge gaan hê. Die tyd sal leer of die besluite wys of onwys was en weer oor gedoen moet word op volgende sinodes. Hierdie is die uitdaging wat voor die afgevaardigdes van hierdie Sinode lê:

(a) Hoe gaan ons oor 5 of 10 jaar terug kyk na die besluite wat hier geneem is,
(b) Hoeveel sorgvuldigheid en tyd gaan ons aan hierdie besluite gee?

Ons mag wel die vertroosting hê dat, te midde van al hierdie veranderde omstandighede, God verander nooit nie. Hy gee aan ons ons enigste vastigheid en vertroue. Soos die psalmdigter sê: “Met U loop ek ‘n bende storm, met my God spring ek oor ‘n muur”.

‘n Bekommernis wat ons hier in Johannesburg het, is dat ons maklik fokus kan verloor op die bediening in eie gemeentes. Daar is talle belangrike sake wat baie tyd en aandag verg waardeur die gevaar ontstaan dat ons kerkrade en leraars té swaar belaai word met buitegemeentelike sake. Laat ons ook hierin met wysheid optree! Gemeentebediening is en bly eerste prioriteit en werk in die gemeentes mag daarom nie hieronder ly nie!

Tog mag ons hierdie Sinode begin en eindig met vastigheid en vertroue in God. Ons gebed is dat ons wysheid van bo mag kry om sinvolle en geestelike besluite te mag neem wat God sal eer, en sal bydra tot die uitbou van Sy Koninkryk. Mag ons so van hierdie tyd gebruik maak en die geleentheid aangryp.

Mag die genade van onse Here Jesus Christus met ons almal wees.

Hiermee verklaar ek die 26ste Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika amptelik geopen.

**Artikel 2 Afvaardiging**

Deur die sameroepende kerk word die geloofsbriewe van die afgevaardigdes nagesien. Johannesburg het 'n vakature vir 'n predikant en het drie ouderlinge afgevaardig.

**Bethal**

| Primi-afgevaardigdes: | Sekundus-afgevaardigdes: |
|---|---|
| Ds. P. Nel | Oudl. K. Coetzee |
| Oudl. J. de Jager | Diak. M. Nienaber |
| Diak. H.A.C. van den Bout | |

**Johannesburg**

| Primi-afgevaardigdes: | Sekundus-afgevaardigde: |
|---|---|
| Oudl. H.J. Boessenkool | Oudl. A. Kuijvenhoven |
| Oudl. W. Bijker | |
| Oudl. G.A. Anholts | |

**Kaapstad**

| Primi-afgevaardigdes: | Sekundus-afgevaardigdes: |
|---|---|
| Ds. E. Viljoen | Oudl. R. Raimond |
| Oudl. C.J. Luijk | Oudl. J. Moes |
| Oudl. A. van Renssen | |

**Pretoria**

| Primi-afgevaardigdes: | Sekundus-afgevaardigdes: |
|---|---|
| Ds. C. Kleijn | Oudl. H. de Jager |
| Oudl. A.J. Buenk | Oudl. T. de Wit |
| Oudl. B.J. Kamphuis | Oudl. G.R. Stolper |

**Pretoria-Maranata**

| Primi-afgevaardigdes: | Sekundus-afgevaardigdes: |
|---|---|
| Ds. J.R. Visser | Oudl. M. de Feijter |
| Oudl. R.F. van den Berg | Oudl. C. de Jager |
| Oudl. H.P. Miske | Oudl. J.M. Boon |

**Springs**

| Primi-afgevaardigdes: | Sekundus-afgevaardigdes: |
|---|---|
| Ds. P.J. Retief | Oudl. W. Henning |
| Oudl. H. Thiart | Diak. R. Retief |
| Oudl. F. Müller | |

As adviseurs is aanwesig die sendelinge ds. D.M. Boersma, ds. J. Bosman, dr. J.A. Breytenbach, dr. A.J. de Visser en ds. C.F. Nicholson en die emerituspredikant van Johannesburg dr. W. Boessenkool.

**Maandag 29 April**

Alle primi-afgevaardigdes was aanwesig met uitsondering van oudl. R. Raimond van Kaapstad wat aanwesig is in die plek van oudl. C.J. Luijk. Van Springs is net ds. P.J. Retief en diak. R. Retief aanwesig.
Aangesien daar twee diakens as afgevaardigdes aanwesig is, word die

vergadering gevra of hulle as stemgeregtigde afgevaardigdes kan deelneem aan die sinode-werksaamhede. Die vergadering aanvaar hulle as sodanig.

**Dinsdag 30 April**
Vir die eerste keer aanwesig:
Oudl. F. Müller en oudl. H. Thiart van Springs. Hulle het diak. R. Retief vervang.

**Woensdag 1 Mei**
Vir die eerste keer aanwesig:
Oudl. A. Kuijvenhoven van Johannesburg in die plek van oudl. W. Bijker en oudl. W. Henning van Springs in die plek van oudl. F. Müller. Na middagete vertrek oudl. R. Raimond van Kaapstad. Na die aandete is die primi-afgevaardigde oudl. C.J. Luijk van Kaapstad vir die eerste keer aanwesig.

**Vrydag 3 Mei**
Vir die eerste keer aanwesig:
Diak. R. Snijder van Johannesburg in die plek van oudl. H.J. Boessenkool. Johannesburg het, omdat hy nie in die oorspronklike geloofsbrief ingesluit is nie, ‘n nuwe geloofsbrief gestuur waarin hy afgevaardig is. Aangesien hy ‘n diaken is, word die vergadering gevra of hy as stemgeregtigde afgevaardigde kan deelneem aan die sinode-werksaamhede. Die vergadering aanvaar hom as sodanig.

## Artikel 3 Moderamen

Na ‘n vrye verkiesing word as voorsitter gekies ds. C. Kleijn, as assessor ds. E. Viljoen en as skriba ds. P. Nel. Aangesien ds. P. Nel bedank vir die benoeming word ‘n nuwe verkiesing gehou waarin oudl. G.A. Anholts verkies word. Die moderamen is dus als volg:

Voorsitter: Ds. C. Kleijn;
Assessor: Ds. E. Viljoen;
Skriba: Oudl. G.A. Anholts.

## Artikel 4 Konstituering

Die moderamen neem hul plekke in en die vergadering word gekonstitueer. Die voorsitter spreek sy dank uit vir die vertroue wat die vergadering in die gekose broeders stel. Hy bedank die sameroepende kerk vir die werk wat gedoen is en spreek sy vertroue uit dat ons in goeie samewerking die sake, wat die kerke op ons tafel gesit het, sal behandel.

## Artikel 5 Instemming met Belydenis

Alle afgevaardigdes, ook diegene wat later die plek van ander ingeneem het, en adviseurs betuig hul instemming met die Gereformeerde Belydenisskrifte, deur van hulle sitplekke af op te staan.

**Artikel 6 Vergadertye**

| | | |
|---|---|---|
| 08:30 – 12:30 | Teetye: | 10:15 – 10:45 en 15:30 – 16:00 |
| 14:00 – 17:00 | Middagete: | 13:00 – 13:45 |
| 19:00 – 21:00 | Aandete: | 17:30 – 19:00 |

**Artikel 7 Afgevaardigdes van buitelandse kerke**

Die Free Reformed Churches of Australia het vir br. B. Veenendaal afgevaardig. Hy word deur die voorsitter verwelkom. Pretoria-Maranata het skriftelik voorgestel om die sendingsdeputate uit Nederland: ds. F.J. Bijzet, ds. J.H. Tempelman en br. F.J. Koning, wat huidiglik in Suid-Afrika is, toe te laat as adviseurs by die Sinode vir sover dit sendingssake betref. Die moderamen stel voor om vir ds. F.J. Bijzet toe te laat as afgevaardigde van die Gereformeerde Kerken in Nederland omdat hy deur die Sinode wat huidiglik gehou word in Zuidhorn in Nederland gevra is om die kerke in Nederland op die Sinode van die VGKSA te verteenwoordig. Die Sinode aanvaar die voorstelle. Die buitelandse afgevaardigdes betuig hul instemming met die Belydenis deur op te staan.

**Artikel 8 Boodskap van die Free Church in Southern Africa en van die Canadian and American Reformed Churches**

Die Free Church in Southern Africa het ‘n skriftelike uitnodiging gestuur waarin hulle ons nooi na hulle ‘General Assembly 2002’ te King William’s Town van 2 tot 4 Mei 2002. Ons is dankbaar vir hulle seënwense. Die Sinode besluit om aan hulle skriftelik ‘n groet te stuur en om verskoning aan te bied vir die nie-bywoning van hulle “assembly” aangesien ons eie Sinode dan nog sal vergader.
Die Canadian and American Reformed Churches het ‘n skriftelike boodskap gestuur waarin hulle aandui dat hulle geen afgevaardigde na die Sinode kan stuur nie, en waarin hulle die Sinode God se seën toewens.

**Artikel 9 Agenda**

1. Opening namens die sameroepende kerk.
2. Ondersoek en verslag van geloofsbriewe.
3. Konstituering van Sinode en verkiesing van 'n moderamen.
4. Betuiging en instemming met die Belydenis deur afgevaardigdes en adviseurs.
5. Verwelkoming adviseurs.
   - 5.1. Br. B. Veenendaal – FRCA.
   - 5.2. Ds. F.J. Bijzet – GKN(v) en Sendingsdeputaat GKN(v).
   - 5.3. Ds. J.H. Tempelman – Sendingsdeputaat GKN(v).
   - 5.4. Br. F.J. Koning – Sendingsdeputaat GKN(v).
6. Groetboodskappe.
   - 6.1. Die Gereformeerde Kerken in Nederland (v).
   - 6.2. The Canadian and American Reformed Churches.
   - 6.3. Free Church in Southern Africa.

7. Vasstelling van die agenda.
8. Vasstelling van die werkswyse van die Sinode.
    8.1. Notularis tydens in kamera-sittings.
9. Voorstelle.
    9.1. Voorstel i.s. kerkverbandelike koste – VGK Johannesburg.
    9.2. Voorstel i.s. Teologiese Skool – VGK Johannesburg.
    9.3. Voorstel vir die instelling van Klassisse – VGK Pretoria.
    9.4. Voorstel i.s. artikel 10 van die Handelinge van die Sinode Bethal 2000 – VGK Pretoria.
    9.5. Voorstel vir die instelling van Klassisse – VGK Johannesburg.
    9.6. Voorstel Teologiese Opleiding van broeders vanuit sendingsgemeentes – VGK Kaapstad.
10. Beswaarskrifte.
    10.1. Beswaarskrif teen artikel 28 van die Handelinge van die Sinode Bethal 2000 – VGK Pretoria.
    10.2. Beswaarskrif teen artikel 12 van die Handelinge van Sinode Bethal 2000 aangaande huweliksluiting in eredienste – VGK Pretoria-Maranata.
11. Verslae.
    11.1. Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke.
    11.2. Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke (Kerkgroepe).
        11.2.1. Werkgroep GKSA.
        11.2.2. Werkgroep Kaapstad.
    11.3. Sendingsdeputate.
    11.4. Deputate Werk onder Verontrustes.
    11.5. Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid.
    11.6. Deputate vir Bybelvertaling.
    11.7. Deputate vir Liturgiese Musiek.
    11.8. Deputate Versorging Kerkorde en Liturgiese Formuliere.
    11.9. Deputate i.s. artikel 11 KO d.i. Hulpbehoewende Kerke.
    11.10. Deputate i.s. artikel 19 KO d.i. Hulpbehoewende Studente.
    11.11. Deputate vir Studie i.s. inskakeling sendingsgemeentes.
    11.12. Deputate Kuratore vir die Teologiese Opleiding.
    11.13. Kerkvisitatore.
    11.14. Sinodale Kwestor.
    11.15. Kontrole Kwestor.
    11.16. Argiefbewarende Kerk.
    11.17. Deputate vir Kontrole van die Argief.
    11.18. Kerk om 'n dag van verootmoediging uit te roep.
    11.19. Deputate artikel 49 KO.
12. Aansoeke tot eksaminering en beroepbaarstelling.
    12.1. Br. J. van der Linden.
    12.2. Br. M.P. Magagula.
    12.3. Br. T.K. Mogale.
13. Benoeming van deputate en moontlike konsulente.
14. Seënwense aan die president.
15. Rondvraag volgens artikel 41, paragraaf 2, van die KO.
    15.1. Adviesaanvraag i.s. artikel 10 KO betreffende voorgaan in ander kerke – VGK Pretoria.
16. Persoonlike rondvraag.
17. Aanwysing van die sameroepende kerk en die vasstelling van die tyd en

plek van die volgende Sinode.
18. Vasstelling van kwotum vir onkoste kerkverband.
19. Vasstelling van die Handelinge en die Kort Verslag.
20. Sensuur volgens artikel 48 van die KO.
21. Sluiting.

**Artikel 10 Werkwyse van die Sinode**

Volgens die besluit in artikel 10 onder paragraaf A3 van die Sinode van Bethal 2000 sal die sameroepende kerk `n tersakekundige notularis aanwys vir die Sinode. Die roepende kerk van Johannesburg het as sodanig br. A.W. Herder benoem. Hy word verwelkom deur die voorsitter. Die Sinode besluit dat die notularis ook tydens in kamera sittings aanwesig mag wees vir die neem van notules. Uit die aard van die saak sal hy hierdie notules vertroulik behandel.

**Artikel 11 Groetboodskappe Gereformeerde Kerken in Nederland**

Op Dinsdagaand 30 April kry die afgevaardigde van die Gereformeerde Kerken in Nederland, ds. F.J. Bijzet, geleentheid om namens die kerke die groete oor te bring.

Ek sit hier vandag as die verteenwoordiger van twee instansies terselfdertyd:
U het seker maar gehoor: ds. D. de Jong, die voorsitter van die Sendingsdeputate in Nederland sou hiernatoe kom maar hy het kort voor die visitasie siek geword. Daarom is ek, hoewel ek in Nederland nie meer regstreeks by die sending in Suid-Afrika betrokke is nie, gevra om as visitator saam te gaan aangesien ek vroeër, eers in Drachten en daarna in Pretoria voorsitter van die Sendingskommissie was.
Toe die versoek na my toe gekom het, was ek reeds deur die Partikuliere Sinode Drenthe na Generale Sinode van Zuidhorn, wat op 6 April jl. begin het, afgevaardig.
Ek moes ‘n keuse maak. Kon ek daardie belangrike werk sommer los om na Suid-Afrika toe te gaan? Maar omdat hierdie visitasie net drie weke sou duur en die Sinode in Nederland in elk geval meer as drie maande, en vanweë die baie belangrike sake op die visitasieprogram (instituering van een of meer swart gemeentes, die opname daarvan in u kerkverband, die opleiding van anderskleurige teologiese studente, het ek besluit om van die Sinode te vra of hulle my vir hierdie weke wou afstaan.

Ek sit hier dus in die eerste plek as iemand wat deur die sendingsdeputate gestuur is. Ek moet vir u sê ek ervaar dit as ‘n groot voorreg. Party van u weet dat ek al vanaf 1981 by sending in Suid-Afrika betrokke was. Ek mog dit meemaak in Pretoria dat die kerk te Pretoria die sendingsverantwoordelikheid van die kerk te Drachten-Zuid/Oost oorgeneem het. Nou mag ek sommer weer ‘n paar weke saamdink met die huidige sendelinge en die sendingskommissie. Ek mag wonderlike ontwikkelinge in oënskou neem. Soos die opname binnekort van selfstandige swart, en dalk ook bruin kerke in die kerkverband. Dan ook die eksamen van twee swart studente.

Toe die Sinode my toelaat om Suid-Afrika toe te gaan, het die broeders my gevra om van hierdie geleentheid gebruik te maak om ook amptelik die Nederlandse Kerke in u midde te verteenwoordig, aangesien hierdie keer geen spesiale afgevaardigdes van BBK gestuur is nie. Hulle het my gevra om ‘n groeteboodskap aan u oor te dra.

Dit is ook dan vir my ‘n wonderlike voorreg om dit dan met dese te doen, want daar is natuurlik, vir my persoonlik, nog ‘n sterk band wat my aan die VGKSA verbind. Ek het vroeër jare self deel uitgemaak van VGKSA. Self het ek aan u sinodes deelgeneem, self het ek op die stoel gesit waarop u tans sit, broeder voorsitter. Ek is in ‘n sekere sin weer vir ‘n oomblik terug en ek voel

dan ook weer tuis.  Die jare val sommer weg.

Dit is vir my indrukwekkend dat daar tans tweemaal soveel kerke en predikante is as in die tyd wat ek hier in die bediening was.  Dat daar sommer ses predikante uit ander kerkverbande na die VGKSA oorgekom het.  Sê nou ons sou dit in die Nederlandse verhouding wil uitdruk, dan sou daar ‘n paar honderd kerke en leraars na die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) oorgekom het.  Onvoorstelbaar!  Daar is ook nog die moontlikheid van nog meer kerke en leraars.  Dalk gaan u ook in hierdie Sinode besluit om klassisse met anderskleurige gemeentes in te stel.

In die bidstond gisteraand het u, broeder voorsitter, ons bepaal by die dag van die klein dinge, vanuit God se Woord in Sagaria 4: “Wie verag die dag van die klein dinge?”  Ek moes vandag dink aan die Psalm wat in dieselfde tyd, na die ballingskap, ontstaan het Psalm 126.  In hierdie Psalm sing die HERE se volk: “Die Here het groot dinge gedoen!”  Ek glo: die VGKSA mag dit vandag sing.

In Nederland is daar broers en susters wat die ontwikkelinge in u kerke met groot verwondering aanskou.  Hulle is saam met u beïndruk dat die Here op Sy eie onvoorspelbare manier voortgaan om Sy kerk wêreldwyd te bou.  Nederland is in heelwat opsigte baie bevoorreg bo die VGKSA, daar is meer kerke, meer mannekrag en finansiële moontlikhede.  Ons het ons eie Teologiese Universiteit wat ‘n wêreldwye belangstelling geniet.  Daar is ook veel liefde vir die HERE by baie lidmate en trou in sy diens.  Daar is ook jongmense wat hulleself inspan om die evangelie in hul omgewing te versprei.  Nogtans is daar amper ‘n ietsie van afguns vanweë die momentum wat die VGKSA gekry het.  In Europa is daar nie meer soveel groei nie, daar is baie kerkverlating, daar is kommer oor die gebrek aan betrokkenheid van heelparty lidmate.  Evangeliese invloede is besig om die gereformeerde denke te ondergrawe.  Gevolglik is daar baie onrus in die kerke.  Ons, in ons Nederlandse Sinode, benodig daarom veel wysheid om in dit alles die regte pad te wys volgens die Woord van die HERE.

Ek wil dan ook nie net ‘n groeteboodskap van u Nederlandse susterkerke aan u oordra nie.  Ek wil namens die kerke in Nederland ook vra: bid vir ons, bly betrokke by u Nederlandse susterkerke.  Ons sal met u bly saamleef.  Ons bid ook vir julle, want ook dit sal nodig wees.  Immers: die wonderlike groei wat u mag meemaak gee ook ‘n groeiende verantwoordelikheid.  Daar is nou meer mense en kerke wat moet saamwerk en met mekaar rekening moet hou.  Daar is maar die verskille, wat ons in Nederland nie so ken nie: die verskil van ‘n Nederlandse agtergrond teenoor ‘n Suid-afrikaanse agtergrond.  Nou kom daar ook al hoe meer die verskille vorendag tussen die volke in Suid-Afrika.  U benodig baie wysheid, moed en ook ootmoed en nederigheid in geloof.  Ons bid u dit toe, ook vorentoe.  Ons hoop dat hierdie Sinode aan dit alles ‘n positiewe bydrae mag lewer.

Ek het nou-net na Psalm 126 verwys: die Psalm wat sing dat die HERE groot dinge aan Sy volk gedoen het omdat Hy die lot van Sy volk verander het.  Alhoewel die digter met verwondering daarvan melding maak, vra hy nogtans in die vervolg van hierdie Psalm: “HERE, verander ons lot soos waterstrome in die Suidland”.  Hy is blykbaar met die wonderlike verandering wat daar reeds gekom het, nie tevrede nie, Hy soek meer.  Hy maak dan ‘n vergelyking met dit wat gebeur wanneer die reën op die droë Suidland begin val.  Dan het dieselfde gebeur as wat ons ken in Namakwaland in Augustusmaand: dan verander die droë land van die een dag op die ander in ‘n indrukwekkende blommeprag.  So wil die digter van Psalm 126 hê dat die lewe al hoe meer moet blom vir die HERE.  Die groot dinge wat die Here klaar gegee het vra vir so ‘n vervolg: vir ‘n kerklike lewe wat al hoe meer blom.  Dit is wat ons ook in Nederland begeer met betrekking tot u kerke in Suid-Afrika.  Mag die Here dit genadiglik gee.

Die voorsitter beantwoord die groete met ‘n dankwoord.  Hy vra vir ds. F.J. Bijzet om ons skriftelike boodskap van die Sinode aan die Sinode van Zuidhorn in Nederland oor te bring.

## Artikel 12 Groetboodskappe Free Reformed Churches of Australia

Hierna kry br. B. Veenendaal van die Free Reformed Churches of Australia

geleentheid om groete oor te bring en hy sê die volgende:

"Esteemed chairman and brothers in our Lord Jesus Christ. It is a great privilege to be here in your midst this evening and extend greetings to you, in the Name of our Lord Jesus Christ and on behalf of the Free Reformed Churches of Australia. Our churches are represented here in person rather sooner than even we expected. At our Synod 2000 we decided to aim to visit alternate synods of your churches. Because you held a synod last year, you gave us the opportunity to be present this time. I must say, "Thank you very much for that opportunity!" With your present rate of developments among the mission and disenchanted churches, we thought you might end up having yearly, half-yearly or even more frequent synods so that we could be here every other month! With your proposal to have a classis every 6 months and synods every 3 years, we may have to change our decision of "alternate synods" to "alternate classes". However, I dare say you better not count on that! The distance across the Indian Ocean appears to be less, but the cost is not yet, particularly when I convert my Australian dollars to South African Rand!"

Seriously though, it certainly is a great privilege to be here at this time, especially so because you have so many things to celebrate. On behalf of our churches, I would like to congratulate you, together with the church at Cape Town, on the occasion of the 50th anniversary of the Lord's church gathering work among the Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. We too had such a joyous celebration last year June when we could commemorate the 50th anniversary of our churches together with our church at Armadale. Our ties are definitely even closer than we think!

Certainly it is a momentous occasion in the history of the church here in South Africa, when in such an event as this synod, we may witness, together with the 50th anniversary, the fruits of the mission work, the theological training, the work among the disenchanted, etc. The Lord does work in marvellous ways! "*For the Lord your God is God of gods and Lord of lords, the great God, mighty and awesome*" (Deut. 10:17a). May the Lord's work through these events be remembered throughout your generations. May we all, as the children of Israel were instructed by Moses, recount the deeds of the Lord so that we may walk in His ways.

Two years ago at your synod, Rev. C. Bouwman introduced you to our bond of churches in Australia. Let me now then, give you a short update. We have grown by one congregation and currently comprise 11 churches of approximately 3500 members. Two churches exist in Tasmania, on the eastern side of Australia, while the remaining churches are located in Western Australia with 6 in the Perth metropolitan area, 2 in Albany, and 1 in Bunbury. The church at Bunbury is our newest addition, instituted last November and located approximately 200 km south of Perth. It is the gateway to the beautiful karri forests and sandy beaches of the Southwest portion of Western Australia. The church at Bunbury as well as the church at Albany are vacant at the moment and are in the process of calling a minister.

It is certainly true to say that the ties between the churches in South Africa and in Australia have been very much strengthened over the past years. Not only has there been (and still is) a flow of members and even ministers in both directions, but there is also more awareness of each other's struggles and joys, and more active involvement in assisting each other. The distance across the Indian Ocean is decreasing, or at least is becoming less of a barrier. The widespread use of modern technology in the form of email has also helped to improve communications. A number of events have contributed to the strengthening of ties between South Africa and Australia. These include, the movement of ministers between our countries, our struggles with doctrinal deviation, your visits to our synod, Rev. C. Bouwman's visit to your Synod Bethal 2000 and Rev. P. Nel's visit to Australia last year.

These ties between our churches have led the church at Albany to support some of the mission work here in South Africa, and led the church at Kelmscott, supported by many of the other churches, to contribute to your work among the disenchanted members in deviant reformed churches.

Regarding the latter support, this has been one of the fruits of the whirlwind visit by Rev. P. Nel to Australia last year. And a whirlwind visit it was through the Perth, Albany and Bunbury regions! We were able to get a first-hand glimpse of the situation here in South Africa and of the work being done to assist and call the disenchanted members from the reformed churches that are in

deformation. We saw the need and the opportunity to lend assistance and the end result is that the church at Kelmscott is co-ordinating the effort which is being actively and financially supported by the majority of our churches as well as many individuals. We are thankful for the support we have received thus far and feel privileged to be able to assist you in God's work of gathering, defending and preserving His church in South Africa.

It is also by God's grace that this work has also borne fruit in a very visible way – the number of churches in your bond could increase due to the addition of the church at Springs. As we have done already by letter, but can now do face to face, we heartily congratulate you on that occasion. It certainly makes us stand in awe at the mighty and glorious deeds of our Heavenly Father whose grace and steadfast love are without bounds. May God bless the continued efforts and grant that more churches and peoples who are seeking the truth, may be led, in the unity of our Lord Jesus Christ as Head, to the body and the communion of the church as recognised by the true marks.

You also have been aware of and have shown your concern in our struggles regarding the doctrinal deviation of Rev. F.J. Van Hulst and our synodical decisions regarding his teachings. That has been very evident in the fact that you sent a delegate, Rev. E. Viljoen, to our 1998 synod, that your 2000 synod referred to the matter, and that your deputies corresponded to us with certain questions and reservations, which we have responded to. We thank you for your interest, for your brotherly concern and for the concern for the faith once and for all delivered to the saints. We appreciate the openness and frankness that you continue to show. Such communication can only serve to strengthen the ties as we together run the race in obedience to the Head of the Church so that we all may receive the crown of righteousness (2 Tim 4:7,8).

I'd like to focus on the mission work that you and we are privileged to be busy with. The mission work that we are supporting is in Lae in Papua New Guinea, and in India. Both are places not in the immediate vicinity of our churches. Both are in countries with different cultures and customs. Of course, the beautiful and common task in both places is to bring God's Word in the unity of our Saviour Jesus Christ. We are privileged to be involved in supporting this work despite the distance and differences. The work is progressing in that we now have a mission couple working in Lae, although thus far we have been disappointed in the calling of a missionary. In India we are supporting the training and work of an indigenous evangelist.

For you, the mission work is on your own doorstep and in your own country. Because of the close proximity, I'm sure that the work lives very close in the hearts of your church members. What a blessing to have 6 mission posts and 5 missionaries working among the scattered sheep. At the same time it can also lead to different challenges and issues, some of which you have already been dealing with in this synod. It must be a beautiful moment in time, a milestone, to prepare for the institution of, not just one, but even two mission churches! Praise be to God for continuing his work of church gathering and leading you thus far. May you be blessed and guided by our Great King in your deliberations.

Talking about milestones, you have yet another milestone at this synod. Your theological college has now produced your first graduate who will be examined along with two others at this synod. What a rich blessing to witness the Lord working in the hearts of brothers who want to serve as ambassadors of Christ in proclaiming His Word among the lampstands, his churches. We certainly would like to pass on our congratulations and may the Lord give the brothers His strength and wisdom as they work through the examination and prepare for the task ahead of them.

As you are aware, we do not have a theological college of our own. At the moment, we encourage our brothers, who aspire to the task of minister of the Word, to attend the Theological College of our sister churches in Canada. The net effect, however, is that upon successful completion of their studies, they take up a calling in Canada, and as such we do not directly benefit. Even calls extended to a number of Australian candidates have not attracted many (one!) back to Australia. This may be the consequence of us "stealing" the ministers from Canada in the first instance (!). Seriously though, we do richly benefit from the work being done in Canada, although we do long to have our own theological training. Our last synod instructed deputies to examine the long-term possibility of setting up theological training in Australia. In that process, we may be able to benefit from your more recent experiences here in South Africa. May

God continue to bless your efforts here and may He move the hearts of suitable brothers to preach the gospel of peace and bring the glad tidings, for the harvest is plentiful but the labourers are few (Rom 10:15, Matt 9:37). We pray “the Lord of the harvest to send out labourers into His harvest” (Matt 9:38).

With these words, I would once again like to thank you for the privilege to be here and address your synod. May the Lord bless your endeavours and may you receive the knowledge and wisdom needed in your deliberations as you serve God’s glory and His church here in South Africa. May the Lord grant that the bond between Australia and South Africa will continue to grow in the unity of Christ Jesus. May we together run the race that is set before us. May we together “Sing praises to the Lord, who dwells in Zion! Declare His deeds among the people.” (Ps 9:11). The grace of the Lord Jesus Christ be with us all. Thank you.

B. Veenendaal
30 April 2002

Die voorsitter beantwoord die groetboodskap met ‘n dankwoord.

## Artikel 13 Voorstel i.s. kerkverbandelike koste van Johannesburg

Johannesburg vra vir die Sinode dat die kwestor ‘n volledige finansiële oorsig opstel vanaf 1998 wat inkomste en uitgawes deur die onderskeie deputate insluit en dat terselfdertyd ook die begroting vir kerkverbandelike onkoste vir die volgende twee jaar voorgelê word, sodat die Sinode ‘n verantwoorde besluit kan neem t.o.v. kerkverbandelike onkoste. Sien bylae 1 vir die volledige voorstel.
Die Sinode besluit om die kwestor te vra om teen Donderdagaand 2 Mei met hierdie inligting die Sinode te dien. Omdat die kwestor siek was kon hy nie hierdie inligting verskaf nie en het die Sinode besluit om hierdie saak in die opdrag aan die kwestor toe te voeg. Sien artikel 34.

## Artikel 14 Voorstel i.s. Teologiese Skool van Johannesburg

Johannesburg vra vir die Sinode dat die penningmeester van die kuratore van die Teologiese Skool (TS) ‘n volledige finansiële oorsig opstel vanaf 1998 wat inkomste en uitgawes insluit en om terselfdertyd die begroting vir die volgende twee jaar voor te lê, sodat die Sinode ‘n verantwoorde besluit kan neem t.o.v. die finansies van die TS. Sien bylae 2 vir die volledige voorstel.
Aangesien die verslag van die deputate later gekom het as die brief van Johannesburg en omdat die finansiële verslag in hierdie verslag opgeneem is, is die voorstel van Johannesburg nie meer nodig nie.
Tweedens vra Johannesburg vir die Sinode om aandag te gee aan die dringende akkreditasie van die TS. Dit is behandel by die verslag van die Kuratore. Sien artikel 32.

## Artikel 15 Voorstel vir die instelling van Klassisse van Pretoria

Die voorstel van Pretoria is om studiedeputate in te stel om die moontlikheid van klassisse te ondersoek. Sien bylae 3 vir die volledige voorstel.
As gevolg van die besluit om klassisse in te stel, wat geneem is onder verslag Studie i.s. inskakeling sendingsgemeentes, is hierdie voorstel nie meer nodig

nie.  Sien artikel 31.

## Artikel 16 Voorstel i.s. artikel 10 van die Handelinge van die Sinode Bethal 2000 van Pretoria

Pretoria versoek om die besluite van artikel 10 van die Handelinge van die Sinode Bethal 2000, wat die benoeming van 'n notularis vir die Sinode inhou, in die sinodereëls op te neem.  Sien bylae 4 vir die volledige voorstel.
Die Sinode besluit om dit aan die deputate Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere op te dra.  Dit sluit ook in artikel 10 van hierdie Handelinge.

## Artikel 17 Voorstel vir die instelling van klassisse van Johannesburg

Die uitwerking van artikel 31, besluit A1 om klassisse in te stel word gedoen volgens die voorstel van Johannesburg.  Sien bylae 5 vir die volledige voorstel.

Die Sinode besluit:

1. Dat die volgende klassisse ingestel word:
   Klassis A: Kaapstad, Pretoria en Springs;
   Klassis B: Bethal, Johannesburg en Pretoria-Maranata.

   Gronde:
   a. Hierdie samestelling is nie heeltemal arbitrêr nie.  Beide klassisse hou eerstens een sendende gemeente in, asook twee "ouer" gemeentes en een "jonger" gemeente.  Eersgenoemde laat toe dat daar groter betrokkenheid by die sendingswerk kan kom asook objektiewe toesig van diegene wat nie bo-op die werk lewe nie;
   b. Onderlinge toesig, advies en ervaring kan beter gedeel word in hierdie opset;
   c. Wanneer die sendingsgemeentes deel word van die kerkverband is dit redelik eenvoudig, omdat hulle aansluit by die klassis waar die sendende kerk reeds is.  Die sendingsgemeentes kan ook nou reeds deelneem as waarnemers om ervaring op te bou;
   d. Die daarstel van geografiese klassisse in ons kerkverband is nie prakties nie.  Ons glo ook dat geografiese belemmeringe altyd belemmeringe sal bly.  Ons glo ook nie dat klassis beteken dat jy op mekaar se voorstoep moet lewe nie maar, soos in die KO beskrywe, dit 'n verdere geleentheid skep om op mekaar toe te sien en advies in te win.

2. Dat klassisse ten minste een keer elke ses maande moet vergader.

   Grond:
   Die vermindering van frekwensie, teenstrydig met artikel 41 KO, is gebaseer op beperking van reiskoste en die klein aantal gemeentes per klassis.

3. Dat reiskoste vir klassisvergaderings, wat op geen ander wyse gefinansier kan word nie, geëis kan word van die sinodale kwestor.

Grond:
Om groot verskille in finansiële laste tussen die klassisse te voorkom word met hierdie besluit die laste gedeel.

4. Om die afvaardiging van die kerke na die klassisse te handhaaf soos gereël in artikel 41 KO.

5. Dat Pretoria die sameroepende kerk is vir die eerste vergadering van Klassis A en Pretoria-Maranata vir die eerste vergadering van Klassis B.

6. Dat die eerste vergadering van die klassisse op die uiterste 1 November 2002 saamgeroep sal word.

7. Dat die klassisse aan die volgende Sinode sal rapporteer oor die funksionering van die klassisse en dat dus geen deputate benoem sal word om die praktiese funksionering van klassisse te ondersoek nie.

8. Dat die Sinode van nou af elke drie jaar saamgeroep sal word.

   Gronde:
   a. Die verskuiwing van werksaamhede van die Sinode na klassisse regverdig ‘n vermindering van frekwensie;
   b. Die besparing van reiskoste kan aangewend word vir finansiering van reiskoste van klassisse.

9. Dat die klassisse drie predikante en drie ouderlinge sal afvaardig na die Sinode.

10. Dat alle predikante wat nie afgevaardig is na die Sinode nie, deur die sameroepende kerk uitgenooi word waar hulle dan ‘n adviserende stem het.

   Grond:
   Solank die kerkverband nog klein is, sal dit goed wees om ook op sinodale vlak die advies van ander aan te hoor.

11. Dat, in die geval van appèl volgens artikel 31 KO teen ‘n klassisbesluit, die ander klassis die instansie van beroep sal wees.

   Gronde:
   a. Solank die Sinode uit slegs twee klassisse bestaan sal per definisie slegs die ander klassis oor die appèl kan oordeel;
   b. Dit sal die behandeling van appèlsake bespoedig omdat klassisse elke ses maande byeenkom.

12. Dat deputate Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere opgedra word om met ‘n voorstel te kom om die sinodereëls te wysig volgens hierdie besluit.

**Artikel 18 Voorstel i.s. Teologiese Opleiding van broeders vanuit sendingsgemeentes van Kaapstad**

Kaapstad versoek die Sinode om te besin oor, en om te kom tot ‘n opleiding vir die broeders vanuit die sendingwerk van die samewerkende kerke van die VGKSA. Sien bylae 6 vir die volledige voorstel.
Hierdie voorstel van Kaapstad is deur die besluit wat geneem is by die behandeling van die verslag Studie i.s. inskakeling sendingsgemeentes (Sien artikel 31, onderdeel B) reeds behandel.

**Artikel 19 Beswaarskrif teen artikel 28 van die Handelinge van die Sinode Bethal 2000 van Pretoria**

Pretoria teken beswaar aan teen die beperking van ondersteuning tot studente of voornemende studente aan ons Teologiese Skool deur die Sinode van Bethal 2000. Hulle pleit vir die oorspronklike aanbeveling van die Deputate, soos verwoord in die verslag van die deputate aan die Sinode van Bethal. Sien bylae 7 vir die volledige beswaarskrif.

Die Sinode besluit:

Dat die besluit soos vervat in artikel 28 van die Handelinge van die Sinode Bethal 2000 i.s. hulpbehoewende studente gehandhaaf bly. Indien ander versoeke, wat van die besluit in artikel 28 van die Handelinge van die Sinode Bethal 2000 afwyk, ontvang word, sal dit op meriete behandel word deur deputate artikel 19 KO. Eventueel sal ‘n passende terugbetalingsreëling ooreengekom word.

> Grond:
> Die hulpverlenende liggaam is geregtig om voorwaardes te stel in die lig van hul finansiële moontlikhede.

**Artikel 20 Beswaarskrif teen artikel 12 van die Handelinge van die Sinode Bethal 2000**

Pretoria-Maranata teken beswaar aan teen die besluit in artikel 12 van die Sinode Bethal 2000 en pleit opnuut vir die vryheid van die kerke om, in afwyking van die bepaling in artikel 16 van die Sinode Kaapstad 1990, die huweliksbevestiging tog tydens ‘n amptelike erediens te hou, omdat die verbod daarvan as ‘n bo-skriftuurlike binding ervaar word. Sien bylae 8 vir die volledige beswaarskrif.

Die Sinode besluit om nie die beswaarskrif oor te neem nie.

> Grond:
> Bewyslas lê by Pretoria-Maranata en hulle het die Sinode nie oortuig dat die besluit van 1990 teen die Skrif ingaan nie.

## **Artikel 21 Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK)**

Die Sinode besluit:

### A. Kontakte met susterkerke

1. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie met die Free Reformed Churches of Australia (FRCA) voort te sit.

   Grond:
   Die FRCA wys dat hulle trou is aan die Woord van God, die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Gereformeerde Kerkorde.

2. Om deputate te magtig om 'n afgevaardigde na die eerskomende Sinode van die FRCA te stuur.

   Gronde:
   a. Persoonlike besoeke aan sinodes is nuttig om bande te onderhou en verder te versterk;
   b. Die VGKSA en die FRCA is twee klein kerkverbande met 'n vergelykbare agtergrond wat mekaar goed kan ondersteun en van mekaar kan leer.

3. Waar daar by deputate nog vrae met betrekking tot die beoordeling van die Van Hulst-saak bestaan, kan deputate dit verder met die deputate van die FRCA bespreek.

   Grond:
   Die korrespondensie oor hierdie saak is nog nie afgehandel nie.

4. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie voort te sit met The Canadian and American Reformed Churches (CanRC).

   Grond:
   Die CanRC wys dat hulle trou is aan die Woord van God, die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Gereformeerde Kerkorde.

5. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie voort te sit met die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN(v)).

   Grond:
   Die GKN(v) wys dat hulle trou is aan die Woord van God, die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Gereformeerde Kerkorde.

6. Om die Handelinge van die Sinode te verstuur na ons susterkerke en om 'n Engelse samevatting op te stel en dit te verstuur na ander kerke waarmee ons kontakte onderhou.

   Grond:
   Dit is 'n normale onderdeel van die korrespondensie tussen susterkerke.

**B. Kontakte met kerke in Afrika**

1. Om te fokus op kontakte met die Church of Central Africa Presbyterian (CCAP), veral Nkhoma Synod.

   Grond:
   Die CCAP vertoon kenmerke van die Kerk van Christus.

2. Om die kontakte met die Christian Reformed Churches in Malawi (CRCM) voorlopig met ’n baie lae prioriteit te hanteer.

   Grond:
   Kontakte met die CRCM verskaf nie die gewenste inligting nie.

3. Om die kontakte met die CCAP, Nkhoma Synod, te gebruik om meer inligting te verkry oor die gereformeerde karakter van die verskeie CCAP “Synods”.

   Grond:
   Die beskikbare inligting dui aan dat daar groot verskille bestaan tussen die verskillende CCAP “Synods”.

4. Om meer inligting te kry oor die CCAP se betrokkenheid by internasionale kerklike organisasies.

   Grond:
   Die inligting oor die kontakte met o.a. die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) of die Wêreldraad van Kerke (WRK) is verwarrend.

5. Om op hoogte te bly van kerklike ontwikkelinge in Kenia, veral m.b.t. die African Evangelical Presbyterian Church (AEPC) en die Reformed Church in East Africa (RCEA).

   Gronde:
   a. Die beskikbare inligting dui op die aanwesigheid van kenmerke van die Kerk van Christus by die twee genoemde kerkverbande;
   b. Die moontlike vestiging van kerklike relasies van dié genoemde kerke met ons Nederlandse susterkerke.

6. Om met BBK van die GKN(v) en ander betrokke International Conference of Reformed Churches (ICRC) lidkerke oorleg te pleeg of die betrokkenheid van die VGKSA by kontakte met die AEPC en die RCEA gewens is.

   Gronde:
   a. Ander kerke, soos die GKN(v), is reeds in mindere of meerdere mate intensief by dié genoemde kerke betrokke;
   b. Die VGKSA se moontlikhede om hier sinvolle hulp te verleen is beperk.

7. Om deputate op te dra om ’n afgevaardigde te stuur na die volgende ICRC Sendingskonferensie wat D.V. in 2003 in die Demokratiese Republiek van die Kongo gehou sal word.

Gronde:

a. Bywoning van die sendingskonferensie bied geleentheid om samewerking met ander ICRC lidkerke op die gebied van sending in Afrika te bevorder;
b. Dit bied 'n geleentheid om ander gereformeerde- en presbiteriaanse kerke in Afrika te leer ken.

8. Om kontakte met die Church of Christ in the Sudan amongst the Tiv (NKST) te handhaaf en meer inligting te kry oor kerkorde, belydenisskrifte ens.

   Gronde:

   a. Daar is aanduidings dat hierdie kerk kenmerke van die Kerk van Christus vertoon;
   b. Die kerk pas binne die raamwerk van die goedgekeurde BBK beleid.

9. Om deur die NKST met ander gereformeerde kerke in aanraking te kom.

   Grond:

   Volgens artikel 26, punt 2b, van die Sinode Handelinge van Bethal 2000 is een deel van die beleid van BBK om die moontlikheid van kontakte met ander kerke in Engelssprekende lande, suid van die Sahara, te ondersoek.

10. Om die houding van alle genoemde kerke m.b.t. die GER te probeer bepaal.

    Grond:

    Lidmaatskap van die GER is 'n struikelblok vir kontakte met ICRC-lidkerke.

11. Om op hierdie stadium geen aksies vir kontakte in Soedan en Oeganda te voer nie.

    Gronde:

    a. Die beskikbare BBK mannekrag is te beperk;
    b. Die beskikbare inligting is te min om BBK-aktiwiteite te regverdig.

12. Om kontakte met die CCAP (Harare Synod) te intensiveer, byvoorbeeld deur besoeke aan Zimbabwe of deur uitnodigings aan CCAP (Harare Synod) waarnemers vir ons sinodes.

    Gronde:

    a. Die CCAP (Harare Synod) het 'n versoek vir kerklike relasies aan die VGKSA gerig;
    b. Daar is aanduidings dat die CCAP (Harare Synod) kenmerke van 'n gereformeerde kerk vertoon;
    c. Kontakte met die CCAP (Harare Synod) bied die moontlikheid om meer inligting oor die CCAP in Malawi en Zambië te kry.

13. Om duidelikheid te probeer kry oor:
    - die gereformeerde karakter van die CCAP (Harare-Synod);
    - die kontakte van die CCAP (Harare-Synod) met ander kerke of organisasies;
    - die mate van eenheid in leer, diens en tug wat tussen die CCAP (Harare-

Synod) en die VGKSA bestaan;

- die konsekwensies van intensiewer kontakte m.b.t. die ander CCAP-Synods.

Gronde:

a. Die inligting is nodig om die meriete van die versoek vir kerklike relasies te kan beoordeel;
b. Die beskikbare inligting dui aan dat daar groot verskille tussen die CCAP Synods bestaan;
c. Die relasies tussen die CCAP Synods en die konsekwensies daarvan vir moontlike kerklike kontakte is nog nie duidelik nie.

14. Om kontakte met CCAP (Harare Synod) te gebruik om meer inligting oor die CCAP in Malawi en Zambië te kry.

Grond:
Daar is aanduidings dat die CCAP in Malawi en Zambië kenmerke van ’n gereformeerde kerk vertoon.

15. Om die doelstelling, taakomskrywing en strategie, soos verwoord in die verslag van BBK, te aanvaar as riglyn vir die aktiwiteite van die deputate BBK in Afrika.

Grond:
Deur duidelike riglyne te volg kan BBK meer doelgerig en effektief werk.

16. Om BBK op te dra om meer betrokke te raak by sekere hulpverleningsaksies, soos teologiese opleiding, seminare, ens.

Gronde:

a. Daar is blykbaar ’n groot behoefte vir teologiese opleiding;
b. Die VGKSA het die moontlikheid om hulp te verskaf met haar teologiese opleiding.

17. Om moontlike betrokkenheid by gekoördineerde ICRC aksies te oorweeg, waardeur daar dan aan sekere dringende behoeftes van Afrika kerke, soos teologiese opleiding, ens., voldoen kan word.

Gronde:

a. Binne die ICRC-verband kan meer effektiewe hulp verleen word;
b. Die ICRC het riglyne vir sulke aksies voorgestel.

**C. Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)**

Om kontakte met die RCNZ te beperk tot die uitruil van inligting en om van ontwikkelinge in die RCNZ op die hoogte te bly.

Gronde:

a. Sinode Bethal 2000 het besluit om te fokus op ons eie regio;
b. In ooreenstemming met die beleid om op ons eie regio te fokus lê dit voor die hand om meer intensiewe kontakte met die RCNZ oor te laat aan die

FRCA;
c. Deputate van die RCNZ stem met ons saam dat dit op hierdie oomblik nie sinvol sou wees om na ’n susterkerkverhouding te strewe nie;
d. Terwille van emigrante wat vanuit ons kerke na Nieu-Seeland wil verhuis is dit goed om op hoogte te bly van ontwikkelings.

## D. International Conference of Reformed Churches (ICRC)

1. Om die lidmaatskap van die ICRC voort te sit.

   Gronde:
   a. Die ICRC is ’n organisasie wat ’n gereformeerde grondslag het, en dit wil behou, en ook noukeurig toesig hou oor die lidmaatskap van kerke;
   b. Die ICRC verskaf ons kerke die geleentheid om met gereformeerde kerke regoor die wêreld kontak te hou;
   c. Die ICRC help by die besinning en koördinering van sendingwerk en kan dus ook ons sendingwerk ten goede kom;
   d. Die bywoning van die konferensie in Philadelphia in die VSA is deur deputate as sinvol ervaar;
   e. Die VGKSA het aangebied om die konferensie van 2005 te reël.

2. Om in die begroting vir BBK nou reeds ‘n pos te skep vir die reël van die konferensie 2005.

   Gronde:
   a. Die VGKSA het aangebied om die konferensie van 2005 te organiseer;
   b. Van die organiserende lidkerk word ’n bydrae verwag;
   c. Die VGKSA is klein en het nie baie fondse nie;
   d. Die VGKSA sou in elk geval die reiskoste van een afgevaardigde moet betaal.

## E. Inligting na die kerke

1. Om die deputate op te dra om waar moontlik die kerkrade van inligting oor buitelandse kerke te voorsien.

   Grond:
   Die kerkrade word hiermee in staat gestel om verantwoorde besluite te neem t.o.v. lidmate wat na sulke kerke vertrek.

2. Om die deputate op te dra om die kerke te dien met inligting oor gebeurtenisse in buitelandse kerke.

   Grond:
   Die gemeentes word hiermee in staat gestel om betyds en gerig in die gebede tydens kerkdienste en in die huise daaraan aandag te skenk.

3. Om die deputate op te dra aan om aan die kerke inligting te verskaf oor die skeuring wat in die Free Church of Scotland plaasgevind het, en die verdere ontwikkelinge daarvan.

4. Om die deputate op te dra om ‘n jaarboek van die VGKSA saam te stel.

   Grond:
   Hierdie jaarboek sal dien om die VGKSA en hulle sendingwerk na buite bekend te stel.

### F. Begroting

Om vir die volgende drie jaar die volgende fondse aan deputate toe te wys:

| | |
|---|---|
| ICRC Bydrae (3*$14) | R 630.00 |
| Reiskoste besoek aan susterkerk FRCA | R 8,000.00 |
| Bydrae vir die reël van ICRC 2005 | R 8,000.00 |
| Reis- en verblyfkoste 3 verkennende besoeke in Afrika | R 24,000.00 |
| Verdere koste (versending van Handelinge ens.) | R 470.00 |
| Totaal | R 41,100.00 |
| Per jaar | R 13,700.00 |

Vir die kontakte met die Free Church in Southern Africa word verwys na artikel 22 van hierdie Handelinge.

## Artikel 22 Deputate vir Kontakte met Binnelandse Kerke (KBK)

### A. Werkgroep Kaapstad

Die werkgroep Kaapstad van die KBK het nie ‘n verslag ingedien nie. Deputaat ds. E. Viljoen gee ‘n mondelinge verslag van gebeure.

- Die kontakte met die Calvyn Protestantse Kerk het versuur n.a.v. die feit dat hulle besluit het om die vrou toe te laat tot die amp van predikant en ouderling. Deputate het gevoel hierdie besluit was nie skriftuurlik gegrond nie.
- Die kontakte met die Presbyterian and Reformed Church Monte Vista het verwater omdat die vroeëre kontak met die predikant, wat vertrek het na die buiteland, nie oorgesit kon word na die genoemde gemeente nie.
- Die kontakte met die Free Church of Southern Africa (FCSA) het verwater omdat die vroeëre kontak met die predikant, wat vertrek het na die buiteland, ook nie oorgesit kon word na die genoemde kerk nie. As gevolg van die gemeenskaplike sendingskontakte met die FCSA in Afrika is daar wel kontakte met die BBK.

Die Sinode besluit:

1. Om die kontakte met die FCSA aan BBK oor te dra;
2. Om die werkgroep Kaapstad op te hef.

   Gronde:
   a. Omdat BBK al baie sendingskontakte het in Afrika, is dit beter om ook die

sendingskontakte met die FCSA deur hulle te laat behartig;
b. Die oorblywende kontakte is te min om die werkgroep amptelik te laat voortbestaan.

**B. Werkgroep GKSA**

Die Sinode spreek sy teleurstelling uit oor die swak aanbieding van die verslag. Veral ook as ‘n mens in ag neem die verwikkelinge tussen die GKN(v) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) wat moontlik kan lei tot die aangaan van ‘n susterkerkrelasie.

Die Sinode besluit:

1. Om die gesprek met die deputate van die GKSA voort te sit. Die samesprekings behoort tenminste een maal per jaar gehou te word. In die gesprekke sal die deputate:
   - met klem ons konkrete sorge oor skrifkritiek aan die GKSA deputate voorlê en dit grondig met hulle bespreek;
   - die toepassing van die tug as `n aparte punt van bespreking opneem;
   - die korrespondensie met die Nederlands Gereformeerde Kerken en die Christian Reformed Church in North America bespreek;
   - die saak van skrifkritiek in die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) met klem bespreek en die GKSA aanmoedig om `n meer antitetiese houding teenoor die NGK te openbaar.

2. Om die deputate van die GKN(v) op die hoogte te hou van ontwikkelinge in die NGK en die GKSA.

   Grond:
   Dit is beter om die deputate wat met die GKSA en NGK samesprekings voer direk met die Nederlandse deputate te laat kommunikeer.

3. Om ‘n afgevaardigde te stuur na die Sinode Zuidhorn van die GKN(v) in verband met hul intensie om susterkerkrelasies met die GKSA aan te gaan.

   Grond:
   Die GKSA sal in persoon aanwesig wees op die Nederlandse Sinode en dit sal goed wees om as sodanig aanwesig te wees om ons besware teen so ’n verhouding aan die Sinode van die GKN(v) te verwoord.

4. Om indien nodig met ander kerkverbande kontak te onderhou.

**<u>Artikel 23 Sendingsdeputate</u>**

Br. H. Pouwels en sr. H. Bron is as deputate aanwesig.

Die Sinode besluit:

1. Om die kerk van Springs te vra om deel te wees van die nasionale

samewerking rakende sending en om die akkoord te teken.

2. Om die sendingsbydrae van die kerke vas te stel op ‘n minimum bedrag van R65 per siel vir 2002, R75 per siel vir 2003 en R85 per siel vir 2004.

   Gronde:
   a. Die bydrae was vanaf 1996 onveranderd op R55 per siel per jaar;
   b. Die strewe is dat die VGKSA tenminste 5% van die sendingsbegroting sal bydra;
   c. Gesien die behoeftigheid van gemeentes sal dit goed wees om die verhoging trapsgewys in te voer.

3. Om die opgedateerde “Akkoord van samenwerking tussen de samenwerkende kerken in Nederland en die VGKSA” te onderteken.

4. Om die voorgestelde visie vir die Nasionale Samewerkingsverband, soos aangeheg as bylae 3 in die verslag van deputate, te aanvaar.

   Grond:
   Hierdie visie onderbou die verhouding tussen sendende kerke, samewerkende kerke en sendingdeputate.

5. Om opdragte wat in 2000 vir deputate gegee is, te herhaal en dit met ‘n nuwe opdrag uit te brei wat soos volg lui:
   Deputate besin oor ‘n meer konkrete uitwerking van die nasionale sendingsvisie vir die eersvolgende vyf tot tien jaar. Deputate word aangemoedig om die verskillende rolspelers by hierdie besinningsproses te betrek.

   Grond:
   Die visie soos verwoord in die verslag van die deputate is nie konkreet in ‘n meerjareplan vervat nie.

Springs onderteken nou die nasionale samewerkingsakkoord op die sinodesitting n.a.v. die versoek verwoord in besluit 1.
Die voorsitter en skriba onderteken n.a.v. besluit 3 die genoemde akkoord namens die kerke.

## Artikel 24 Deputate Werk onder Verontrustes (DWoV)

Die Sinode besluit:

1. Om die opdragte van die vorige Sinode aan DWoV te kontinueer.

2. Om die volgende werkwyse vir opname van verontruste gemeentes in die kerkverband te aanvaar:
   - DWoV verneem van verontruste gemeente;
   - DWoV lê besoek af by betrokke gemeente;
   - DwoV fokus tydens die besoek op spesifieke ter sake areas, soos die

rede vir die aansoek, die implikasies van die aansoek en die proses m.b.t. die aansoek;
- Die betrokke verteenwoordiging van die gemeente moet streef om die hele gemeente met hulle saam te neem.  Hiertoe lig hulle die hele gemeente, wat aansoek gedoen het, in oor die modus operandi;
- DWoV gee die verslag van die besoek aan die betrokke klassis deur.

3. Om DWoV opdrag te gee om fyner te besin oor die definisie van die spesifieke werksterrein van die werk onder verontrustes.

   Grond:
   Huidiglik kan gestel word dat die werk onder verontrustes nie onder sending of evangelisasie ressorteer nie.

**Artikel 25 Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid**

Die Sinode besluit om die opdragte soos verwoord in die Handelinge van die Sinode van Bethal 2000 ongewysig voort te sit.

Grond:
Dit is nie sinvol om opdragte te wysig, as uit die verslag van die deputate blyk dat die deputate nie as deputate gefunksioneer het nie.

‘n Voorstel om die deputate te betrek by die bedreiging van die onderwys deur owerheidsbeleid word nie aanvaar nie, maar word verwys na die skole en die skoolsamewerkingsverbande.

Grond:
Die skole en skoolsamewerkingsverbande het die nodige kennis om hierdie saak te hanteer.

**Artikel 26 Deputate vir Bybelvertaling**

Geen verslag is ontvang nie.  Ook op die vorige Sinode is geen verslag ontvang nie.  Verder word genoem dat die Bybelgenootskap ‘n voorstel van die GKSA vir ‘n brongerigte vertaling afgewys het.  Die Sinode besluit om geen nuwe deputate aan te wys nie.

Grond:
Dit is nie sinvol om deputate te hê sonder ‘n konkrete opdrag nie.

**Artikel 27 Deputate vir Liturgiese Musiek**

Die Sinode besluit:

1. Daar is geen skriftuurlike gronde om artikel 67 KO te wysig nie.

Grond:
Die argumentasie soos aangevoer in die verslag van die deputate gee voldoende aanwysing dat die outestamentiese Psalms nie ‘n geslote sangbundel is nie.

2. Om die verslag van die deputate en hierdie besluit met ‘n begeleidende skrywe te stuur aan die broeders M.C. Durand, B. van der Eems en H.H. Schuring en die Kerkraad van Pretoria.

   Grond:
   Die Sinode van Bethal 2000 het vir die deputate opdrag gegee om ‘n goedgegronde antwoord op die beswaarskrifte van genoemde broeders te formuleer.

Die Sinode besluit verder om deputate opdrag te gee:

1. Om kontak te maak met die deputate van die GKSA wat gemoeid is met die taalkundige hersiening van die Totiusteks van die berymde Psalms met die bedoeling om:
   - ons kerke se begeerte om die Totiusberyming te behou, aan hulle oor te dra;
   - ons samewerking met die taalkundige hersiening, waar moontlik, aan te bied;
   - te kom tot samewerking by ‘n gesamentlike uitgawe van die Psalmboek met die hersiene Totiusberyming;
   - uit te vind of die hersiene Totiusberyming deur ons kerke gebruik kan word vir ons eie kerkboek, indien ‘n gesamentlike uitgawe nie moontlik sou wees nie.

2. Om daarnaas ondersoek in te stel na die koste en uitvoerbaarheid van die uitgawe van ‘n eie kerkboek met die Psalms, Skrifberymings, Gesange, Belydenisskrifte, Gebede en Liturgiese formuliere.

3. Om ‘n deeglike en diepgaande studie oor die lied in die erediens te verrig om die kerke te dien.

4. Om gesange te selekteer volgens norme wat deur vroeëre sinodes vasgestel is.

5. Om die verslae oor voorafgaande items 3 en 4 twaalf maande voor die volgende Sinode aan die kerke te stuur vir hul kommentaar.

   Grond:
   Die kerke sal ruim geleentheid moet kry om die aangebode gesange en die gronde daarvoor te toets.

**<u>Artikel 28 Deputate Versorging Kerkorde en Liturgiese Formuliere</u>**

Die Sinode besluit om deputate opdrag te gee:

1. Om onduidelike en swak geformuleerde artikels in die kerkorde te ondersoek en die volgende Sinode te dien met voorstelle ter verbetering.

2. Om die liturgiese formuliere na te gaan vir onduidelike en swak formulering en die volgende Sinode te dien met voorstelle ter verbetering.

3. Om die kerkorde en sinodereëls soos vervat in die sogenaamde “blou boekie” in ooreenstemming te bring met die sinodebesluite geneem na 1988.

   Grond:
   Onder andere noodsaak die instelling van klassisse en die benoeming van ‘n notularis, die hersiening.

4. Om die tans geldende kerkorde en sinodereëls in Engels te vertaal.

   Grond:
   Die sendingsgemeentes het hulle behoefte hieraan kenbaar gemaak.

**<u>Artikel 29 Deputate i.s. artikel 11 KO i.s. Hulpbehoewende Kerke</u>**

Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van die verslag van die deputate en besluit om die kwota te handhaaf op R20 per siel per jaar. Die ou opdrag bly gehandhaaf.

**<u>Artikel 30 Deputate i.s. artikel 19 KO i.s. Hulpbehoewende Studente</u>**

Die Sinode besluit:

1. Om die volgende reëlings te aanvaar:
   a. In gevalle waarin dit vir die student en/of sy ouers in die geheel of gedeeltelik nie moontlik is om die studies te bekostig nie, bystand te verleen:
      - Vir teologiese studente tot `n maksimum van R15 000 (Vyftienduisend Rand) per jaar en
      - Vir voorgraadse studente tot `n maksimum van R10 000 (Tienduisend Rand) per jaar.

      Hierdie bedrae word met ‘n inflasie verwante koers aangepas op die einde van die kalenderjaar;
   b. `n Student wat finansiële steun vra of ontvang, ingeslote sy ouers en/of vrou, is verplig om samewerking aan kontak-deputate te gee. Alle ter sake gegewens betreffende hulle finansiële drakrag moet skriftelik aan deputate verskaf word;
   c. Alle terugbetalings aan deputate sal geskied volgens die skriftelike kontraktuele afspraak gemaak tussen die student en deputate.

2. Om deputate opdrag te gee om ooreenkomstig artikel 19 KO en die hierbo genoemde reëlings die studente van die Teologiese Skool of diegene wat voorgraadse studies volg met die begeerte om studies te volg om tot die

bediening van die Woord te kom, finansieel te ondersteun.

3. Om van die kerke vir hierdie doel R20 per siel per jaar te vra.

4. Om deputate opdrag te gee om `n volledige reëling betreffende studiefinansiering op te stel, met inagneming van die hierbo genoemde reëlings, vir voorlegging aan die volgende Sinode.

## Artikel 31 Deputate i.s. studie inskakeling sendingsgemeentes

### A. Besluit betreffende kerkverband

1. Die Sinode besluit dat die besluit van Sinode Kaapstad 1996, artikel 23, om nie 'n klassis in te stel nie, verval en dat tans twee klassisse gevorm word.

Vir die uitwerking van hierdie besluit sien artikel 17 van hierdie Handelinge.

Gronde:
a. Die aantal kerke het toegeneem. Daar is tans ses kerke in die verband wat 'n verdeling van twee klassisse van drie kerke elk moontlik maak;
b. Hoewel die ligging van Kaapstad steeds moeites meebring, kan dit ook vir Kaapstad tot voordeel wees. Kaapstad word nie so geïsoleer soos wat die 1996 voorstel tot gevolg sou hê nie, maar sal ten spyte van die afstand meer dikwels met kerke in die noorde kan vergader;
c. Klassis is die vergadering wat gereeld plaasvind en waar "nuwe" kerke wat hulle by die verband voeg ondersteun kan word en die gereformeerde leer in ons land uitgedra kan word. Die klassis leen hom veel meer as die Sinode daartoe.

2. Die Sinode beveel aan dat selfstandige en nie-selfstandige sendingskerke wat in 'n gereëlde vergadering wil saamkom om mekaar te ondersteun, daarin aangemoedig word.

Motivering:
a. Geen druk moet op die sendingsgemeentes uitgeoefen word ten opsigte van 'n werkwyse van saamvergader met die bestaande kerke nie;
b. Op die sendingsterrein word die sendingskerke begelei om in hulle situasie verantwoordelikheid vir naburige kerke te aanvaar. Om in vergaderinge saam te kom en verantwoordelikheid vir mekaar te dra kan vrugbaar wees, veral in 'n aanvangsituasie;
c. Die moontlikheid van saamvergader en hulpverlening deur die bestaande kerke word daardeur nie uitgeskakel nie.

3. Die Sinode besluit dat in oorleg met die sendende kerk gemeentes in wording uitgenooi word om waarnemers te stuur vir die vergadering van die klassis.

Gronde:
a. Dit ontbreek die sendingkerk aan ervaring, daar is behoeftigheid, maar daar is ook gawes van wysheid en onderskeidingsvermoë en vele meer;
b. Indien dieselfde taal gebruik word as voertaal, en bepaalde vergaderreëls

met mekaar afgespreek word, behoort daar nie ‘n verhindering te wees waarom daar nie op versoek van en in oorleg met die sendingkerk ‘n werkwyse gevind kan word om na gelang van behoefte saam te vergader nie;

c. Die sendingskerke sal in gesamentlike vergaderings ‘n werkwyse hê waar hulle in hul nood gehoor word en gehelp kan word;
d. In saamvergader sal hulle ook ‘n bydrae maak tot die kerklike saamlewe met die sendende kerke;
e. Saam kan algaande oorleg gepleeg word oor die sake waaroor sendingskerke graag bespreking wil hê. Moontlik kan die struktuur en werkwyse van meerdere vergaderings aangepas word, sodat hulle beter funksioneer;
f. Altyd moet voor oë gehou word die voortgang van die Evangelie, nie net in kleiner konteks nie, maar in gesamentlike verantwoordelikheid in ons land;
g. Dit moet nie teen die voortgang van die geloof in die gemeente afgespeel word nie.

4. Die Sinode neem kennis van die volgende:

Met die oog op institeuring van sendingsgemeentes behoort sendende kerk en sendingkerk spesifieke afsprake te maak. Om kerkverband te onderhou behoort daar reëlings getref en ‘n werkwyse gevolg te word. Die sendende kerk behoort die sendingkerk se versoek om hom by die werkswyse van die kerkverband te voeg, te ondersteun en aan te beveel.

Die Sinode besluit om dit onder die klassisse se aandag te bring.

Grond:

Die instituering van sendingsgemeentes en hulle inskakeling in die kerkverband behoort deur die klassis hanteer te word.

5. Die Sinode spreek uit dat hulp vanuit die kerke in Nederland of elders ten opsigte van selfstandige maar geldelik-behoeftige gemeentes uit die sending, nie meer onder die sending val nie, maar onder deputate artikel 11 KO.

Gronde:

a. Die beginsel is dat die predikant van die Evangelie leef. Die Evangelie word in die gemeente wat hom geroep het, verkondig. Met hulle beroeping van ‘n predikant onderneem hulle om hom te versorg sodat hy hom onbekommerd kan toelê om die Evangelie te bedien;
b. Dit is van uiterste belang om reeds van die begin af op die sendingsterrein die mense te onderrig oor die gee van gawes vir die voortgang van die Evangelieverkondiging;
c. Die eenheid in die geloof, die ondersteuning van mekaar, en die voortgang van die Evangelie moet gedien word. Ons verantwoordelikheid vir mekaar, waar die sterkere in die geloof die swakkere help, en elkeen eerlik op sy eie behoeftigheid let, mag nie laat vaar word uit vrees vir die praktiese implikasies van die kerkverband nie. Die kerke bedien mekaar met advies en let op mekaar omdat nalatigheid van ‘n gemeente direk die Evangelie kan benadeel;
d. Uit die reaksie op die besprekingstuk wat van die Nederlandse

Sendingsdeputate ontvang is, is dit duidelik dat die susterkerke daar hulleself verantwoordelik ag om geldelike hulp te gee aan vroeëre sendingsgemeentes wat behoeftig is. Dit kan alleen maar met groot dankbaarheid verneem word;

e. Wel mag die sendende en sendingskerke in Suid-Afrika toenemend funksioneer as een kerklike samelewing, en die susterkerke in Nederland sal dit ook so moet waardeer;
f. Sendingskerke sal waarskynlik toenemend sendende kerke word. Sommige van die huidige sendende kerke sal waarskynlik geldelik hulpbehoewende kerke word;
g. Die susterkerke buite ons land behoort die kerke as een kerklike verband te sien en die skerp onderskeiding: sendingskerke (swart en kleurling) en sendende kerke (wit) sal plek maak vir ‘n fokus op een kerklike samelewing.

**B. Besluit betreffende opleiding**

Die Sinode spreek uit:

1. Opleiding is ’n saak wat die kerke gesamentlik raak (artikel 18, 19 en 30 KO). Kerkverbandelike integrasie beteken daarom, dat opleiding ‘n saak van die hele kerkverband moet wees;
2. Dat ’n definitiewe besluit oor opleiding slegs geneem kan word saam met die Sothosprekende kerke wat na verwagting binnekort, as die Here dit wil, selfstandig sal word. Die Sinode kan daarom nou slegs ’n beginselbesluit en interimbesluite neem, om die huidige opleidingssituasie te verbeter;
3. Dat op grond van die oorwegings in die verslag van die deputate die beginselbesluit is, dat eenheid in die leer een opleiding wenslik maak.

Die Sinode besluit:

1. Ten einde die beginselbesluit uit te voer om die volgende plan van vier stappe in te voer:

   a. Die huidige opleidingssituasie word onder beheer van die kerke geplaas. Die Teologiese Skool (TS) en die sendingsopleiding - Mukhanyo Theological College (MTC), aangevul met die Mukhanyo-Plus-programme) word voorlopig beide vir die opleiding van predikante aanvaar en onder toesig van die kuratore geplaas. Die bestaande situasie word gekontinueer, maar die uitgangspunt is dat daar een belydenisgrondslag moet wees. Die beide opleidings sal voorlopig nie gekombineer word nie. Geen van beide opleidings kan tans voldoende in die behoeftes van alle kerke voorsien nie;
   b. Om in die opleidingsbehoeftes vir Belhar en omgewing te voorsien, kry die senaat opdrag om binne ses maande ’n opleiding op die BTh-vlak vir hulle daar te stel. By die opstel en uitvoering daarvan sal sendelinge ingeskakel word;
   c. Kuratore kry opdrag om moontlikhede van samewerking tussen die bestaande opleidings te ondersoek, in konsultasie met verteenwoordigers van die sendingskerke (selfstandig of nie-selfstandig);
   d. Tegelykertyd ondersoek kuratore, in samewerking met die

Sothosprekende kerke, die moontlikheid van een opleiding.  Daarby sal sowel die eenheid van die leer as die verskillende kontekste tot hulle reg moet kom.  Daarby sal rekening gehou word met die oorwegings wat in die deputateverslag aangebied is.  Kuratore sal hieroor op die volgende Sinode rapporteer.

2. Dat kuratore op die volgende Sinode met voorstelle moet kom om die bostaande besluite in die statute van die TS te verwerk.

3. Om die take van kuratore uit te brei met die volgende:
   a. Om deur middel van 'n verteenwoordiging in die beheerraad van MTC die beleid te monitor en waar nodig te beïnvloed (Besluit 1a);
   b. Om die konfessionele eenheid van die opleidings te bevorder deur by MTC daarop aan te dring dat die gereformeerde belydenisskrifte in die grondslag opgeneem word;
   c. Om die opleiding binne die konteks van die Suid-Afrikaanse opleidingssituasie te evalueer, en om na te gaan of die mannekrag en middele van ons kerke daarvoor steeds voldoende is.  Hulle sal die Sinode hieroor met aanbevelings dien;
   d. Om met aanbevelings te kom oor die vlak van opleiding, in die besonder die toelatingseise m.b.t. die Bybeltale, op basis van die oorwegings in die deputateverslag;
   e. Om moontlikhede van samewerking tussen die bestaande opleidings te ondersoek, in konsultasie met verteenwoordigers van die sendingskerke (selfstandig of nie-selfstandig) en in oorleg met die senaat en sendelinge, en daarvoor 'n plan op te stel;
   f. Om in samewerking met die Sothosprekende kerke en kleurlingkerke (selfstandig en nie-selfstandig) die moontlikheid van een opleiding te ondersoek (Besluit 1c).  Hulle sal daarvoor ook die senaat van die TS en die sendelinge se adviese vra.  Hulle sal hieroor op die volgende Sinode rapporteer.

4. Om die taak van die senaat as volg aan te vul:
   In ooreenstemming met besluit 1b sal daar binne ses maande 'n opleiding op die BTh-vlak vir Belhar en omgewing daargestel word.  By die opstel en uitvoering daarvan sal daar die sendelinge ingeskakel word.

**<u>Artikel 32 Deputate Kuratore vir die Teologiese Opleiding</u>**

Brs. H. de Jager en G. Hagg is as deputate aanwesig.

Die Sinode besluit:

1. Dat die TS van die VGKSA in Pretoria gevestig sal wees.  Die opleiding kan ook in ander sentra, soos huidiglik in Kaapstad, aangebied word.

   Gronde:
   a. Die owerhede wil weet waar die TS gevestig is;
   b. Dit stel die kuratore in staat om reëlings te tref vir die daarstel van fasiliteite soos 'n biblioteek en lesinglokale.

2. Dat die voorlopige reëling soos getref deur die kuratore in oorleg met die senaat, betreffende die vakature amptelike vakke, aanvaar word tot die volgende Sinode.

   Grond:
   Daar is huidiglik nie iemand beskikbaar om al die vakke aan te bied nie.

3. Die deputate te vra om aan die formalisering van die TS prioriteit te verleen.

   Gronde:
   a. Dit is belangrik om vir die verleende grade ‘n algemene erkenning te kry;
   b. Die werk om tot akkreditasie te kom, regverdig die tydelike aanstelling van ‘n registrateur.

4. Die kwota vas te stel op R50 per siel per jaar.

   Grond:
   Die tydelike aanstelling van ‘n registrateur, regverdig die kwota.

Hiermee is ook die brief van Johannesburg betreffende akkreditasie (sien artikel 14) behandel.

Vir die besluite betreffende die sendingsopleiding, rakende die taak van die kuratore en die senaat word verwys na artikel 31, onderdeel B, van die Handelinge.

## Artikel 33 Kerkvisitatore

Die onderskeie visitasieverslae van die kerke van Bethal, Johannesburg, Kaapstad, Pretoria, Pretoria-Maranata en Springs word in kamera gelees en bespreek.
Vanweë die instel van klassisse, sal visitasie van nou af deur die klassisse gehanteer word.

## Artikel 34 Sinodale Kwestor

Uit die bespreking blyk dat kerke betalings doen namens die kwestor aan derdepartye en dit verreken met die kwota wat hulle aan die kwestor verskuldig is.  Hierdie praktyk skep verwarring.  Boonop moet die kwestor geken word voordat enige betalings aan derdepartye gedoen word.

Die Sinode beveel aan:
1. Dat slegs die kwestor kerkverbandelike betalings doen en dat die kerke nie sulke betalings sal voorskiet nie.

   Gronde:
   a. Die verrekening van betalings en die verskuldigde kwota versteur die oorsigtelikheid van die finansiële verslae;

b. Bewyse van betalings deur kerke word nie altyd deur die kerke gestuur nie.

2. Dat die kwestor aan die einde van Mei en September halfjaarrekenings aan die kerke stuur en dat die kerke dit binne 30 dae sal betaal.

   Grond:
   Gereelde inbetalings gee die kwestor die benodigde fondse om sy verpligtings na te kom.

Die Sinode besluit:
1. Om die kwota vir onkoste kerkverband te stel op R40 per siel per jaar.

   Grond:
   Gebaseer op historiese uitgawes blyk dat die vorige vasgestelde kwota van R60 verminder kan word.

2. Dat Sinode Handelinge teen kosprys aan belangstellende gemeentelede verskaf word.

   Grond:
   Dit sal ‘n belangrike besparing van kerkverbandelike fondse wees.

3. Dat die kwestor by die eerste halfjaarrekening ‘n oorsig van inkomste en uitgawes vir 2000 en 2001 sal aanbied.

   Gronde:
   a. Die inligting soos verstrek in die verslag gee nie voldoende insig in die aanwend van fondse nie;
   b. Johannesburg het in hulle voorstel (sien artikel 13) om hierdie inligting gevra en dit sal goed wees dat alle kerke die inligting kry.

Hiermee is ook die brief van Johannesburg betreffende die onkoste kerkverband (sien artikel 13) behandel.

**<u>Artikel 35 Kontrole van die Kwestor</u>**

Pretoria-Maranata, wat opgedra is om die kwestor se boeke te oudit, rapporteer dat hulle dit nog nie gedoen het nie. Hulle verseker die Sinode dat dit so spoedig moontlik gedoen sal word.

**<u>Artikel 36 Argiefbewarende Kerk</u>**

Die Sinode besluit om die versoek van die argiefbewarende kerk as ‘n aanbeveling te gee vir die kerke en deputaatskappe. Die versoek lui as volg:
Dit is die verantwoordelikheid van die sameroepende kerk om te verseker dat alle inkomende korrespondensie, insluitend deputaatsverslae en alle ander briefwisseling aan die skriba van die Sinode oorhandig word.
Dit is vervolgens die verantwoordelikheid van die skriba van die Sinode om alle

oorspronklike korrespondensie, insluitend die Handelinge van die Sinode, opdragte aan die deputate en alle ander briefwisseling aan die argiefbewarende kerk te besorg.
Die argiefbewarende kerk wil die Sinode versoek om beide die sameroepende kerk en die skriba van die Sinode te vra om beter sorg te dra vir alle dokumentasie betreffende die Sinode. Belangrike inligting oor die afgelope twee sinodes is nie in die argief opgeneem nie en is dus vir die nageslag verlore.

## Artikel 37 Deputate vir Kontrole van die Argief

Uit die verslag van die kontrole van die argief deur Johannesburg blyk dat die argief nie op datum is nie. Dit betref veral deputaatstukke en beswaarskrifte. Die Sinode besluit om nogmaals die aanbeveling soos verwoord in artikel 36 van hierdie Handelinge te onderstreep.

## Artikel 38 Kerk om 'n dag van verootmoediging uit te roep

Kaapstad, wat aangewys was om 'n dag van verootmoediging uit te roep, verklaar dat hulle nie terme gevind het om so 'n dag uit te roep nie, maar dat met gebeurtenisse soos op 11 September 2001 in New York plaasgevind het, dit dalk moes gebeur. Kaapstad beveel aan om in die toekoms meer aandag te gee aan die gebeurtenisse in die wêreld wat die kerk en kerklede kan raak.

## Artikel 39 Deputate i.s. artikel 49 KO

Deputate doen skriftelik verslag van hul werksaamhede in kamera.

## Artikel 40 Aansoeke tot eksaminering en beroepbaarstelling

Versoeke tot eksaminering om beroepbaar gestel te word in die kerkverband, is ontvang van die volgende broeders: T.K. Mogale, J. van der Linden en M.P. Magagula.

Die volgende predikante is aangewys om die broeders te eksamineer in die genoemde vakke:

| | | |
|---|---|---|
| Eksegese OT | dr. Breytenbach | 20 minute |
| Eksegese NT | ds. Kleijn | 20 minute |
| Amptelike vakke | ds. Nel | 10 minute |
| Dogmatiek | ds. Boersma | 20 minute |
| Etiek | ds. Bosman | 10 minute |
| Simboliek | dr. De Visser | 20 minute |
| Kerkgeskiedenis | ds. Viljoen | 15 minute |
| Kerkreg | ds. Visser | 15 minute |
| Inhoud Heilige Skrif | ds. Nel | 15 minute |

**A. Eksaminering br. T. K. Mogale op Woensdag 1 Mei 2002**

Die voorsitter verwelkom br. T.K. Mogale wat volgens artikel 5 van die KO geëksamineer word om hom binne die kerkverband beroepbaar te kan stel. Die Sinode stel ds. P. Nel en oudl. J. de Jager as kommissie aan om in 'n broederlike gesprek die beweegredes van br. Mogale te ondersoek. Die kommissie rapporteer in kamera oor hierdie gesprek. Die vergadering besluit hierop om die eksamen voort te sit.
Nadat die in kamera-sitting opgehef is, hou br. Mogale 'n preekvoorstel oor Jakobus 1:1-8. Die beoordeling van hierdie preekvoorstel word weer in kamera gehou. Na opheffing van die in kamera-sitting word meegedeel dat die eksamen voortgesit sal word. Br. Mogale word vervolgens geëksamineer in bogenoemde vakke. Sowel die preekvoorstel as die eksaminering is in Engels gedoen.
Nadat alle vakke geëksamineer is, gaan die Sinode weer in kamera vir die eindevaluering van die eksamen van br. Mogale. Hierby word ook in ag geneem die volgende dokumente: 'n Getuigskrif van die kerk te Mamelodi en van die sendeling ds. J. Bosman oor die leer en lewe van br. Mogale, 'n tweede preekvoorstel oor Sagaria 1:1-6, voorgelegde BA-Th-graadsertifikaat en die getuigskrif van die Mukhanyo-Plus-programme.
Na opheffing van die in kamera-sitting kan die voorsitter meedeel dat die Sinode br. Mogale toegelaat het as proponent binne die kerkverband.
Die voorsitter wens br. Mogale geluk met hierdie resultaat. Ook die sendelinge en waarnemers van Mamelodi word gelukgewens. Ons is bly dat ons kon konstateer dat hierdie broeder hom aan Skrif en Belydenis wil hou en so sy werk wil doen. Mag die HERE hom verder seën. Vervolgens onderteken hy volgens artikel 53 KO die ondertekeningsformulier waarna hy met Ps. 134:3 (Book of Praise) toegesing word.

**B. Eksaminering br. J. van der Linden op Donderdag 2 Mei 2002**

Die voorsitter verwelkom br. J. van der Linden wat volgens artikel 5 van die KO geëksamineer word om hom binne die kerkverband beroepbaar te kan stel. Die Sinode stel ds. J. Bosman en oudl. H.J. Boessenkool as kommissie aan om in 'n broederlike gesprek die beweegredes van br. Van der Linden te ondersoek. Die kommissie rapporteer in kamera oor hierdie gesprek. Die vergadering besluit hierop om die eksamen voort te sit.
Nadat die in kamera-sitting opgehef is, hou br. Van der Linden 'n preekvoorstel oor Johannes 21:18-23. Die beoordeling van hierdie preekvoorstel word weer in kamera gehou. Na opheffing van die in kamera-sitting word meegedeel dat die eksamen voortgesit sal word. Br. Van der Linden word vervolgens geëksamineer in bogenoemde vakke.
Nadat alle vakke geëksamineer is, gaan die Sinode weer in kamera vir die eindevaluering van die eksamen van br. Van der Linden. Hierby word ook in ag geneem die volgende dokumente: 'n Getuigskrif van die kerk te Pretoria-Maranata oor die leer en lewe van br. Van der Linden, 'n tweede preekvoorstel oor Jeremia 3:14-19 en 'n voorgelegde verklaring van die Teologiese Skool van die VGKSA, dat hy die M.Div-graad met lof ontvang het.
Na opheffing van die in kamera-sitting kan die voorsitter meedeel dat die Sinode br. Van der Linden toegelaat het as proponent binne die kerkverband.
Die voorsitter wens br. Van der Linden geluk met hierdie resultaat. Ook sy vrou en ouers en die Teologiese Skool word gelukgewens. Ons is bly dat ons kon

konstateer dat hierdie broeder hom aan Skrif en Belydenis wil hou en so sy werk wil doen. Mag die HERE hom verder seën. Vervolgens onderteken hy volgens artikel 53 KO die ondertekeningsformulier waarna hy met Ps. 134:4 toegesing word.

**C. Eksaminering br. M. P. Magagula op Vrydag 3 Mei 2002**

Die voorsitter verwelkom br. M.P. Magagula wat volgens artikel 5 van die KO geëksamineer word om hom binne die kerkverband beroepbaar te kan stel. Die Sinode stel ds. D.M. Boersma en ds. J. Bosman as kommissie aan om in ‘n broederlike gesprek in Sotho die beweegredes van br. Magagula te ondersoek. Die kommissie rapporteer in kamera oor hierdie gesprek. Die vergadering besluit hierop om die eksamen voort te sit.
Nadat die in kamera-sitting opgehef is, hou br. Magagula ‘n preekvoorstel oor Psalm 23. Die beoordeling van hierdie preekvoorstel word weer in kamera gehou. Na opheffing van die in kamera-sitting word meegedeel dat die eksamen voortgesit sal word. Br. Magagula word vervolgens geëksamineer in bogenoemde vakke. Sowel die preekvoorstel as die eksaminering is in Tswana en in Noord Sotho gedoen waarby die sendelinge die Sinode gedien het deur te tolk.
Nadat alle vakke geëksamineer is, gaan die Sinode weer in kamera vir die eindevaluering van die eksamen van br. Magagula. Hierby word ook in ag geneem die volgende dokumente: ’n Getuigskrif van die kerk te Soshanguve-North en van die sendeling dr. A.J. de Visser oor die leer en lewe van br. Magagula, ‘n tweede preekvoorstel oor Handelinge 5:1-11, voorgelegde diploma van die Mukhanyo Theological College en die getuigskrif van die Mukhanyo-Plus-programme.
Na opheffing van die in kamera-sitting kan die voorsitter meedeel dat die Sinode br. Magagula toegelaat het as proponent binne die kerkverband.
Die voorsitter wens br. Magagula geluk met hierdie resultaat. Ook die sendelinge en waarnemers van Soshanguve word gelukgewens. Ons is bly dat ons kon konstateer dat hierdie broeder hom aan Skrif en Belydenis wil hou en so sy werk wil doen. Mag die HERE hom verder seën. Vervolgens onderteken hy volgens artikel 53 KO die ondertekeningsformulier waarna hy met Ps. 134:3 (Book of Praise) toegesing word.

## Artikel 41 Benoeming van deputate en moontlike konsulente

Die benoeming van konsulente sal deur die klassisse volgens die KO plaasvind, maar die Sinode besluit om die benoemde konsulent, ds. C. Kleijn, vir die huidig vakante kerk van Johannesburg te handhaaf tot tyd en wyl die vakature gevul is.

1. **Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK)**
   C. Roose (sameroeper), A.C. Bijker, ds. D.M. Boersma, ds. J. Bosman, ds. C. Kleijn, sr. W. Wehmeyer.

2. **Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke (KBK)**
   Ds. J.R. Visser (sameroeper), ds. P. Nel, ds. E. Viljoen.

3. **Deputate Werk onder Verontrustes (DWoV)**
   Ds. P. Nel (sameroeper), M. du Preez, R.M. Retief, J.A. Smit.

4. **Deputate Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere**
   Dr. J.A. Breytenbach (sameroeper), sr. M.A. de Mooij, A. van Renssen.

5. **Sendingsdeputate**
   P. Bouwman (sameroeper), sr. H. Bron, H. (Harm) Snijder, K. Toebes.

6. **Deputate Liturgiese Musiek**
   F.J. van der Meer (sameroeper), dr. A.J. de Visser, J. (Jopie) van der Linden, J.M. van Wijk.

7. **Deputate i.s. artikel 19 KO**
   R. Hofsink (sameroeper), ds. C.F. Nicholson.

8. **Deputate i.s. artikel 11 KO**
   J. (Jan) de Jager (sameroeper), H.J. Boessenkool, F.L. Kerkhoff.

9. **Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid**
   R. Retief (sameroeper), H. (Hein) Smit, C.E. van Dijk.

10. **Deputate i.s. artikel 49 KO**
    Ds. C. Kleijn, ds. P. Nel, ds. E. Viljoen, ds. J.R. Visser.

11. **Sinodale kwestor**
    C. de Jager. Sekundus: A.L. Boessenkool.

12. **Kontrole kwestor**
    Die kerk van Pretoria-Maranata.

13. **Argiefbewarende kerk**
    Die kerk van Pretoria.

14. **Toesig oor die argief**
    Die kerk van Johannesburg.

15. **Kerk om dag van verootmoediging uit te roep**
    Die kerk van Kaapstad.

16. **Deputate Kuratore Teologiese Skool**
    Primi:
    H. de Jager (sameroeper), A.L. Boessenkool, N. du Preez, G. Hagg, ds. P.J. Retief, A. Roos.
    Sekundi:
    H.H. Schuring, G.A. Anholts, M. Kruger, M. de Feijter, W. Henning, A.J. van der Lugt.

**Artikel 42 Opdragte vir deputate**

1. **Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke**

**Susterkerke**

a. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie met die Free Reformed Churches of Australia (FRCA) voort te sit.
b. Om deputate te magtig om 'n afgevaardigde na die eerskomende Sinode van die FRCA te stuur.
c. Waar daar by die deputate nog vrae met betrekking tot die beoordeling van die saak "Van Hulst" bestaan, kan deputate dit verder met die deputate van die FRCA bespreek.
d. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie voort te sit met The Canadian and American Reformed Churches (CanRC).
e. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie voort te sit met die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN(v)).
f. Om die Handelinge van die Sinode te verstuur na ons susterkerke en om 'n Engelstalige samevatting op te stel en dit te verstuur na ander kerke waarmee ons kontakte onderhou.

**Nieu-Seeland**

g. Om kontakte met die RCNZ te beperk tot die uitruil van inligting, om van ontwikkelinge in dié kerke op die hoogte te bly.

**Afrika**

h. Om volgens die beleid wat deur die Sinode van Bethal 2000 vasgestel is, die moontlikhede van kontakte met kerke van gereformeerde agtergrond in Afrika te ondersoek, waar moontlik in samewerking met susterkerke en ICRC-lidkerke.
i. Om 'n afgevaardigde te stuur na die volgende ICRC Sendingskonferensie wat D.V. in 2003 in die Demokratiese Republiek van die Kongo gehou sal word.
j. Om te fokus op kontakte met die CCAP in Malawi, Zambië en Zimbabwe met as doel om meer inligting te kry oor:
    - ooreenkomste en verskille tussen verskillende CCAP Synods;
    - die gereformeerde karakter van die CCAP Synods;
    - die CCAP Synods se betrokkenheid by internasionale kerklike organisasies.
k. Om kontakte met die CCAP (Harare Synod) te intensiveer, moontlik ook deur besoeke aan Zimbabwe of uitnodigings vir CCAP-waarnemers vir ons sinodes en om meer inligting te kry oor:
    - die gereformeerde karakter van die kerk;
    - die mate van eenheid in leer, diens en tug wat tussen die CCAP (Harare Synod) en die VGKSA bestaan;
    - die konsekwensies van intensiewer kontakte met die Harare Synod m.b.t. die ander CCAP-Synods.
l. Om op hoogte te bly van kerklike ontwikkelinge in Kenia, veral m.b.t. die AEPC en die RCEA en om met BBK van die GKN(v) en ander betrokke ICRC lidkerke oorleg te pleeg of VGKSA betrokkenheid by die kontakte met die AEPC en die RCEA gewens is.
m. Om kontakte met die NKST te handhaaf om:

- meer inligting te kry oor die NKST se kerkorde, belydenisskrifte ens.;
- met ander gereformeerde kerke in aanraking te kom;
- die houding van alle betrokke kerke m.b.t. die GER te probeer bepaal.

n. Om BBK betrokkenheid by sekere hulpverleningsaksies, soos teologiese opleiding seminare ens., te probeer bevorder.
o. Om moontlike betrokkenheid by gekoördineerde ICRC aksies te oorweeg, waardeur daar dan aan sekere dringende behoeftes van Afrika kerke, soos teologiese opleiding, ens., voldoen kan word.
p. Om die doelstelling, taakomskrywing en strategie, soos omskryf onder “Toekomstige doelstelling en strategie” in die BBK sinodeverslag 2002, as riglyn vir die aktiwiteite van deputate BBK in Afrika te gebruik.
q. Om die broederlike en verkennende kontakte met die Free Church in Southern Africa voort te sit.

**Noord-Amerika**

r. Om op hoogte te bly met kerklike ontwikkelinge in Noord-Amerika.

**Orige take**

s. Om die lidmaatskap van die ICRC voort te sit.
t. Om in die begroting vir deputate BBK nou reeds geld te reserveer vir die organisering van die konferensie 2005 (R8000).
u. Om waar moontlik, die kerkrade van inligting oor buitelandse kerke te voorsien, met die doel om die kerkrade in staat te stel om verantwoorde besluite te kan neem t.a.v. lidmate wat na sulke kerke vertrek.
v. Om die kerke te dien met inligting oor buitelandse kerke, om hulle betyds in staat te stel, om gerig in die gebede tydens kerkdienste en in die huise daaraan aandag te skenk.
w. Om aan die kerke inligting te verskaf oor die skeuring wat in die Free Church of Scotland plaasgevind het, en die verdere ontwikkelinge daarvan.
x. Om ’n jaarboek van ons kerke saam te stel ten dienste van bekendstelling na buite, ook i.s. die sendingwerk.
y. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**2. Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke**

a. Om die gesprek met die deputate van die GKSA voort te sit. Die samesprekings behoort tenminste een maal per jaar gehou te word. In die gesprekke sal die deputate:
   - met klem ons konkrete sorge oor skrifkritiek aan die GKSA deputate voorlê en dit grondig met hulle bespreek;
   - die toepassing van die tug as `n aparte punt van bespreking opneem;
   - die korrespondensie met die Nederlands Gereformeerde Kerken en die Christian Reformed Church in North America bespreek;
   - die saak van skrifkritiek in die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) met klem bespreek en die GKSA aanmoedig om `n meer antitetiese houding teenoor die NGK te openbaar.
b. Om die deputate van die GKN(v) op die hoogte te hou van ontwikkelinge in die NGK en die GKSA.
c. Om ‘n afgevaardigde te stuur na die Sinode Zuidhorn van die GKN(v) in verband met hul intensie om susterkerkrelasies met die GKSA aan te gaan.

d. Om indien nodig met ander kerkverbande kontak te onderhou.
e. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**3. Deputate Werk onder Verontrustes**

a. Om verontruste medegelowiges te versterk en te bemoedig.
b. Om praktiese werksaamhede, wat gemik is op hierdie taak, uit te werk en te inisieer.
c. Om die plaaslike kerke te help by die praktiese uitvoering van hulle taak jeens verontruste medegelowiges.
d. Om te werk aan 'n gereformeerde liggaam waarin verontruste gemeentes uit verskillende oorde nouer met mekaar kan skakel. Die oogmerk is om uiteindelik gestalte te mag gee aan 'n gereformeerde kerkverband ooreenkomstig ons belydenisskrifte.
e. Om te help by die verwerwing van fondse en dit te koördineer, indien 'n plaaslike gemeente besluit om volgens artikel 12 KO 'n leraar te beroep vir die werk onder verontrustes.
f. Om fyner te besin oor die definisie van die spesifieke werksterrein van die werk onder verontrustes.
g. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**4. Deputate Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere**

a. Om onduidelike en swak geformuleerde artikels in die kerkorde te ondersoek en die volgende Sinode te dien met voorstelle ter verbetering.
b. Om die liturgiese formuliere na te gaan vir onduidelike en swak formulering en die volgende Sinode te dien met voorstelle ter verbetering.
c. Om die kerkorde en sinodereëls soos vervat in die sogenaamde “blou boekie” in ooreenstemming te bring met die sinodebesluite geneem na 1988.
d. Om die tans geldende kerkorde en sinodereëls in Engels te vertaal.
e. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**5. Sendingsdeputate**

a. Deputate is verantwoordelik vir die kontak tussen die sendende kerke van die VGKSA en die ondersteunende kerke in die buiteland.
b. Deputate sal in hierdie kontakoefening optree soos uiteengesit in die akkoord van samewerking wat die Sinode met die buitelandse ondersteunende kerke gesluit het en die akkoord van samewerking insake die sending tussen die VGKSA kerke.
c. Deputate besin oor ‘n meer konkrete uitwerking van die nasionale sendingsvisie vir die eersvolgende vyf tot tien jaar. Deputate word aangemoedig om die verskillende rolspelers by hierdie besinningsproses te betrek.
d. Deputate ontvang jaarliks van die sendende kerke die beleids- en werkplanne, die begroting vir die volgende jaar en die finansiële state oor die afgelope jaar.
e. Deputate konsolideer die onderskeie begrotings en lê dit aan deputate van die ondersteunende kerke voor.
f. Deputate is verantwoordelik vir die verdeling, volgens die aanvaarde begrotings van die sendende kerke, van alle sendingbydraes wat inkom.

g. Deputate is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die geld ooreenkomstig die begroting, beleids- en werkplan bestee is.
h. Deputate sal van die kerke die volgende sendingsbydrae vra: ‘n minimum bedrag van R65 per siel vir 2002, R75 per siel vir 2003 en R85 per siel vir 2004.
i. Deputate ontvang van die sendende kerke alle notules en rapporte wat op die sendingwerk betrekking het.
j. Deputate koördineer noodsaaklike sendingsaangeleenthede van gemeenskaplike belang vir die onderskeie sendingsgebiede.
k. Deputate verdeel onderling die verskillende funksies.
l. Deputate doen aan die volgende Sinode verslag en gee aanbevelings in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**6. Deputate Liturgiese Musiek**

a. Om kontak te maak met die deputate van die GKSA wat gemoeid is met die taalkundige hersiening van die Totiusteks van die berymde Psalms met die bedoeling om:
   - ons kerke se begeerte om die Totiusberyming te behou, aan hulle oor te dra;
   - ons samewerking met die taalkundige hersiening, waar moontlik, aan te bied;
   - te kom tot samewerking by ‘n gesamentlike uitgawe van die Psalmboek met die hersiene Totiusberyming;
   - uit te vind of die hersiene Totiusberyming deur ons kerke gebruik kan word vir ons eie kerkboek, indien ‘n gesamentlike uitgawe nie moontlik sou wees nie.
b. Om daarnaas ondersoek in te stel na die koste en uitvoerbaarheid van die uitgawe van ‘n eie kerkboek met die Psalms, Skrifberymings, Gesange, Belydenisskrifte, Gebede en Liturgiese formuliere.
c. Om ‘n deeglike en diepgaande studie oor die lied in die erediens te verrig om die kerke te dien.
d. Om gesange te selekteer volgens norme wat deur vroeëre sinodes vasgestel is.
e. Om die verslae oor voorgaande opdragte c en d twaalf maande voor die volgende Sinode aan die kerke te stuur vir hul kommentaar.
f. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**7. Deputate i.s. artikel 19 KO**

a. Om ooreenkomstig artikel 19 KO en die reëlings soos in artikel 30 van hierdie Handelinge vervat, die studente van die Teologiese Skool of diegene wat voorgraadse studies volg met die begeerte om studies te volg om tot die bediening van die Woord te kom, finansieel te ondersteun.
b. Om van die kerke vir hierdie doel R20 per siel per jaar te vra.
c. Om `n volledige reëling betreffende studiefinansiering op te stel, met inagneming van die hierbo genoemde reëlings, vir voorlegging aan die volgende Sinode.
d. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**8. Deputate i.s. artikel 11 KO**

a. Om, indien 'n versoek om finansiële hulp van 'n kerk inkom, dit te oorweeg en nadat bevind is dat hierdie versoek meriete het, aan die ander kerke 'n skriftelike voorstel te maak om die hulpbehoewende kerk na vermoë te help.
b. Om van die kerke vir hierdie doel R20 per siel per jaar te vra.
c. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**9. Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid**

a. Om by vreugde en droefheid in sake van landsbelang die owerheid geluk te wens of deelneming te betuig, na gelang van omstandighede.
b. Om op maatreëls van die kant van die owerheid wat die beskerming van die Woordbediening in gedrang bring, paslik te reageer.
c. Om in gevalle waar die universele wet van God deur die owerheid oortree word, getuienis na die owerheid te laat uitgaan en om te besin oor die spesifieke aard en funksie van hierdie opdrag en daaroor terug te rapporteer aan die volgende Sinode.
d. Om versoeke van die owerheid in ontvangs te neem en aan die kerke bekend te maak.
e. Om die algemene instruksies van hierdie deputaatskap soos vermeld in artikel 11.3 van die sinodereëls op te volg.
f. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

**10. Sinodale Kwestor**

a. Dat die kwestor aan die einde van Mei en September halfjaarrekenings aan die kerke stuur en dat die kerke dit binne 30 dae sal betaal.
b. Om die kwota vir onkoste kerkverband te stel op R40 per siel per jaar.
c. Dat Sinode Handelinge teen kosprys aan belangstellende gemeentelede verskaf word.
d. Dat die kwestor by die eerste halfjaarrekening 'n oorsig van inkomste en uitgawes vir 2000 en 2001 sal aanbied.
e. Dat die kwestor aan die volgende Sinode verslag doen en aanbevelings formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls en daarby in ag neem die bepalings van artikel 11 (5)d van die Sinodereëls.

**11. Kontrole Kwestor**

a. Om 'n jaarlikse kontrole van die finansiële state van die kwestor vir 1999/2000, 2000/2001, 2001/2002, 2002/2003 en 2003/2004 uit te voer.
b. Om 'n verslag hiervan aan die volgende Sinode voor te lê.

**12. Argiefbewarende Kerk**

Om die algemene instruksies soos vermeld in artikel 11.6 van die Sinodereëls op te volg.

**13. Toesig oor die argief**

Om toesig te hou op die sinodale argief met inagneming van die bepalings van artikel 11.6 van die Sinodereëls.

**14. Kerk om dag van verootmoediging uit te roep**

Om in tye van oorlog, algemene rampe en ander groot moeites waarvan die druk

in al die kerke gevoel word, ‘n dag van verootmoediging uit te roep.

**15. Deputate Kuratore Teologiese Skool**

Soos vermeld in die Statute van die Teologiese Skool van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, aangevul met:

a. Om op die volgende Sinode met voorstelle te kom om die besluite soos genoem in artikel 31, onderdeel B van hierdie Handelinge, in die statute van die TS te verwerk;
b. Om deur middel van ’n verteenwoordiging in die beheerraad van MTC die beleid te monitor en waar nodig te beïnvloed (Besluit 1a van bogenoemde artikel);
c. Om die konfessionele eenheid van die opleidings te bevorder deur by MTC daarop aan te dring dat die gereformeerde belydenisskrifte in die grondslag opgeneem word;
d. Om die opleiding binne die konteks van die Suid-Afrikaanse opleidingssituasie te evalueer, en om na te gaan of die mannekrag en middele van ons kerke daarvoor steeds voldoende is. Hulle sal die volgende Sinode hieroor met aanbevelings dien;
e. Om met aanbevelings te kom oor die vlak van opleiding, in die besonder die toelatingseise m.b.t. die Bybeltale, op basis van die oorwegings van die deputaatsverslag;
f. Om moontlikhede van samewerking tussen die bestaande opleidings te ondersoek, in konsultasie met verteenwoordigers van die sendingskerke (selfstandig of nie-selfstandig) en in oorleg met die senaat en sendelinge, en daarvoor ’n plan op te stel;
g. Om in samewerking met die Sothosprekende kerke en kleurlingkerke (selfstandig en nie-selfstandig) die moontlikheid van een opleiding te ondersoek (Besluit 1c van bogenoemde artikel). Hulle sal daarvoor ook die senaat van die TS en die sendelinge se adviese vra. Hulle sal hieroor op die volgende Sinode rapporteer;
h. Om aan die formalisering van die Teologiese Skool prioriteit te verleen;
i. Om van die kerke R50 per siel per jaar te vra.

## Artikel 43 Seënwense aan die President

Die volgende brief word goedgekeur vir versending aan die president:

The President,
Mr. T.M. Mbeki
Private Bag X1000
Pretoria
0001

The synod of the Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met from the 29th of April till the 3rd of May 2002 in Roodepoort, Gauteng. The delegates expressed the wish to assure you of their prayers for you in your responsible task as President of our country. We realise this is no easy task in a country with so many needs and challenges. We pray that the Lord our God may grant you the necessary wisdom, guidance and strength for that task.

We pray that through your government the kingdom of Christ may be promoted and His church may live peaceful and quiet lives in all godliness and holiness. May you seek your help in Jesus Christ, the saviour and ruler of the kings of the earth, and in the Word of God.

We greet you in the Name of Jesus Christ our Lord and Saviour,

| | |
|---|---|
| Rev. C. Kleyn | Praeses |
| Rev. E. Viljoen | Assessor |
| Mr. G.A. Anholts | Scribe |

## Artikel 44 Rondvraag volgens artikel 41, paragraaf 2, KO

Adviesvraging i.s. artikel 10 KO – Voorgaan in ander kerke – van Pretoria. (Sien bylae 24). Kaapstad het vroeër reeds 'n vergelykbare advies aangevra by die kerkreghooglerare van Kampen in Nederland en Hamilton in Kanada. Die adviese is ontvang en sal aan al die kerke versprei word.

## Artikel 45 Persoonlike rondvraag

Verskillende sinodelede spreek hulle dank uit vir die goeie samewerking, vir die werk van die moderamen en die assessor spesifiek vir die goeie leiding van die voorsitter.
Oudl. R.F. van den Berg spreek sy teleurstelling uit dat sy werkstuk, toegevoeg by die behandeling van die verslag van deputate liturgiese musiek, nie behandel is nie. Die voorsitter beaam dat die Sinode aanbeveel het dat die broeder die werkstuk vir die betreffende deputate sal aanbied vir verdere studie. Hy maak ook verskoning indien hierdie broeder deur hierdie werkwyse verontreg voel.
Die skriba spreek sy dank uit vir die werk gedoen deur die notularis.

## Artikel 46 Aanwysing van die sameroepende kerk en die vasstelling van die tyd en plek van die volgende Sinode

Pretoria-Maranata word aangewys om die volgende Sinode, wat D.V. in 2005 gehou sal word, saam te roep. Die definitiewe tydstip word deur die kerk bepaal maar word voorlopig vasgestel vir April of Mei 2005.

## Artikel 47 Vasstelling van kwotum vir onkoste kerkverband

Hierdie saak is reeds afgehandel onder die verslag van die kwestor.

## Artikel 48 Vasstelling van die Handelinge en die Kort Verslag

Die vasstelling van die Handelinge word aan die moderamen opgedra.
Die assessor sal die Kort Verslag opstel en dit aan die kerke stuur.
Die kerke word gevra om te bepaal hoeveel belangstellende gemeentelede die

Handelinge wil hê. Hierdie aantalle moet uiters 20 Mei 2002 aan die skriba van die Sinode gekommunikeer word sodat die juiste hoeveelheid Handelinge gedruk kan word.

**Artikel 49 Sensuur volgens artikel 48 KO**

Hiervan word geen gebruik gemaak nie.

**Artikel 50 Sluiting**

Nadat die kerk van Johannesburg bedank is vir die ontvangs en versorging van die Sinode en nadat die adviseurs bedank is vir hul aanwesigheid op die Sinode en hul adviese aan die Sinode, vra die voorsitter dat die assessor voorgaan in dankgebed. Die assessor lees die tweede brief van Johannes, laat Ps. 56:1 en 2 sing en gaan voor in dankgebed. Hierna sluit die voorsitter die Sinode van Johannesburg 2002.

Ds. C. Kleijn, voorsitter,
Oudl. G.A. Anholts, skriba,
Ds. E. Viljoen, assessor.

## Lys van bylaes

**Voorstelle:**


1. Voorstel i.s. kerkverbandelike koste – VGK Johannesburg…………………..58
2. Voorstel i.s. Teologiese Skool – VGK Johannesburg………………………….59
3. Voorstel vir die instelling van Klassisse – VGK Pretoria……………………61
4. Voorstel i.s. artikel 10 Handelinge van die Sinode Bethal 2000 – VGK Pretoria…………………………………………………………………………..62
5. Voorstel vir die instelling van Klassisse – VGK Johannesburg………………63
6. Voorstel Teologiese Opleiding van broeders vanuit sendingsgemeentes – VGK Kaapstad…………………………………………………………………..67


**Beswaarskrifte:**


7. Beswaarskrif teen artikel 28 Handelinge van die Sinode Bethal 2000 – VGK Pretoria…………………………………………………………………………..69
8. Beswaarskrif teen artikel 12 Handelinge van Sinode Bethal 2000 aangaande huweliksluiting in eredienste – VGK Pretoria-Maranata……………………..71


**Verslae:**


9. Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke…………………………….74
10. Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke - Werkgroep GKSA…………113
11. Sendingsdeputate…………………………………………………………..114
12. Deputate Werk onder Verontrustes…………………………………………138
13. Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid…………………………170
14. Deputate vir Liturgiese Musiek……………………………………………176
15. Deputate Versorging Kerkorde en Liturgiese Formuliere…………………194
16. Deputate i.s. artikel 11 KO d.i. Hulpbehoewende Kerke……………………195
17. Deputate i.s. artikel 19 KO d.i. Hulpbehoewende Studente………………196
18. Deputate vir Studie i.s. inskakeling sendingsgemeentes…………………199
19. Deputate Kuratore vir die Teologiese Opleiding…………………………...250
20. Verslag hoofdosent 2000-2001……………………………………………256
21. Sinodale Kwestor…………………………………………………………...258
22. Argiefbewarende Kerk……………………………………………………...260
23. Deputate vir Kontrole van die Argief………………………………………...262


**Adviesaanvrae:**


24. Adviesaanvra i.s. artikel 10 KO betreffende voorgaan in ander kerke – VGK Pretoria………………………………………………………………………264